Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas bestudeer het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die soort vraag wat jy wil beantwoord.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Roman (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

   AFDELING A: GEDIGTE
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   AFDELING B: ROMAN
   Beantwoord EEN vraag.

   AFDELING C: DRAMA
   Beantwoord EEN vraag.

5. KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA):

   - Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

6. LENGTE VAN ANTWOORDE

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 250 tot 300 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400 tot 450 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.


Hosted by www.ecexams.co.za.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

    AFDELING A: ongeveer 40 minute
    AFDELING B: ongeveer 55 minute
    AFDELING C: ongeveer 55 minute

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

| AFDELING A: GEDIGTE<br><br>Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae. | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. “’n Paternoster vir Suid-Afrika” | Opstelvraag | 10 | 6 |
| | | | |
| 2. “Op sy branderplank” | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| | | | |
| 3. “Susan Boyle” | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |
| | | | |
| 4. “Briefie aan Madiba” | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |
| **EN** | | | |
| **Ongesiene gedig: Verpligtend** | | | |
| 5. “dekonstruksie” | Kontekstuele vraag | 10 | 11 |
| **AFDELING B: ROMAN**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 6. *onderwêreld* | Opstelvraag | 25 | 13 |
| | | | |
| 7. *onderwêreld* | Kontekstuele vraag | 25 | 13 |
| | | | |
| 8. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 | 16 |
| | | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 | 16 |
| | | | |
| 10. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 11. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 | 19 |
| | | | |
| 12. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 | 22 |
| | | | |
| 13. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 | 22 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br><br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 | 25 |
| | | | |
| 15. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 | 25 |
| | | | |
| 16. *Mis* | Opstelvraag | 25 | 28 |
| | | | |
| 17. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 | 28 |

***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEK KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.



Hosted by www.ecexams.co.za.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte<br>(Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte<br>(Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman<br>(Opstel of kontekstueel) | 6–13 | 1 | |
| C: Drama<br>(Opstel of kontekstueel) | 14–17 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG in AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik. | | | |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**’n Paternoster vir Suid-Afrika – *Lina Spies***

Here, laat die name geheilig word
van al die kinders van die land –

van hulle
wat modderkoekies gebak het uit sy aarde,
dassies skrikgemaak het in sy klowe,
wol getrap het in sy krale.

Ek het asemloos toegekyk:
swart bolywe geboë oor magtelose diere
en skerp skêre wat my laat wag het,
bang vir die glip-slag, die bloed, die pyn.
Maar die swart versigtige hande
het selde dieper as die wit geknip
en ek kon die lootjies uitdeel
want die arbeider was sy loon waardig
volgens die aantal wat hy vrygemaak het
om ligvoets teen die somerheuwels uit te wei.

Maar die bale is lankal toegewerk en weggestuur,
die wololie van my voete afgewas,
my bene nie meer lam getrap nie.

Vergewe ons, die vergeetagtiges, die uitgerustes,
soos ons hulle vergewe, die luidrugtiges
wat nooit binne die kraal was nie,
wat nooit rietperd gery
en kaalvoet geloop het nie,

en Here, sien ons hande aan:
Kyk, om my wit pols is ’n armband van gras;
my donker speelmaat het dit kunstig gevleg
soos ek nooit kon nie...

Aan U behoort die land
en die son
en die skape van sy weiding

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Gee ons liefdevolle hande, Heer,
en sny U self versigtig aan die belemmerende kleed

dat daar nie onnodig bloed verspil nie
en deel U self die lootjies uit

[Bron: *Digby Vergenoeg,* 1971]

In hierdie gedig wat as ŉ gebed aangebied word, lê die klem op eenheid en verdeeldheid.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 250 tot 300 woorde. **[10]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Op sy branderplank – *Petra Müller***

Hy waag hom weer teen horisonne.
Die see gooi son in teen sy sonne, maar skuimskuddend
deur die teug vlug hy na vore, hys hom
lugtig teen die stroom uit, en kom
staan-staan strand toe, groen
deursigtig en ook reeds gebore.

*

Die seun het see in sy mond. Hy weet
nie of dit bloed of water is nie: uit
spoeg hy dit. Met sy sagte tongpunt voel
hy wortels van sy tande af, en proe die lug
wat sag van land en kruie om hom labberlag.
Hy lig hom van die seeplank af; afwesig
skud hy nou sy kop – ’n blonde rob –
en snuit hom skoon
van wat hy was;

’n elegante, goed gesteelde lyf
wat eeue lank reeds
land toe dryf

[Bron: *Nuwe Verseboek vir seniors*]

2.1 Herlees die titel.

Waarom voldoen strofe 2 nie aan die verwagting wat die titel by die leser skep nie? (1)

2.2 Daar is ’n milieuverskuiwing van strofe 1 na strofe 2. Verduidelik. (2)

2.3 Die gedig het ’n letterlike en mitologiese interpretasie. Bewys die stelling deur na versreël 6 te verwys. (2)

2.4 Watter uitheffingstegnieke word ingespan om die metafoor in strofe 2 te beklemtoon? (3)

2.5 Evalueer die geslaagdheid van die metafoor in strofe 2. (1)

2.6 Is die digsoort gepas as die inhoud van die gedig in ag geneem word? Verduidelik jou antwoord. (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Susan Boyle – *Kobus Grobler***

daar staan jy inskrywing 43212
voor die pilatusse van Britain's got talent
aangeja soos 'n skaap
misrabel vaal in die lig verguis
die monobrou en die kapsel raam
jou vertelsel van 'n klein Nasaret
Simon spot, skares jou uit:
jy is die grap van die jaar

met die eerste woorde van I dreamed a dream
het jy van vernederende vooroordeel
hulle en miljoene ander op Youtube
in ongeloof laat aanskou
hoe jy jare se troeteltalent
aan die hele wêreld skenk

[Bron: *Toulopers, verse vir tieners*]

3.1 Die aangesprokene voel aanvanklik onbelangrik. Gee DRIE bewyse uit versreël 1–6 om die stelling te bewys. (3)

3.2 Verduidelik waarom die onderstreepte woord in versreël 2 nie met 'n hoofletter geskryf is nie, en verklaar die metafoor. (2)

3.3 Identifiseer die klankeffek in versreël 7 en lewer kommentaar oor die effektiwiteit daarvan. (2)

3.4 Waarom kan reël 8 as ironies beskou word? (1)

3.5 Herlees versreël 8.

Daar is progressie in die skare se houding teenoor Susan Boyle. Haal die versreël in strofe 2 aan wat hierdie stelling bewys. (1)

3.6 Pas die digsoort by die karakter van die aangesprokene? Motiveer. (1)

**[10]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Briefie aan Madiba –** ***Sandra O'Kelly***

Liewe Madiba, ek skryf die vir jou.
Ek weet jy kry briefies soos my een aan jou.
Ons het nooit ontmoet nie, maar voordat jy groet.
Wil ek jou iets vra, dis iets wat ek moet.

Gee my jou boeie, ek wil dit dra.
Die merke op jou hande, jou vrese jou vrae
Ek sal dit oppas, dit altyd bewaar.
Eendag met liefde aan my kinders oordra.

Liewe Madiba, jy sal van my hou.
Ek's lief vir my land en sy mense en sou
so graag wou kom kuier en net met jou praat.
Oor ditjies en datjies en goed uit my hart.

Gee my jou drome, ek wil dit sien.
Die prys so betaal om ander te dien.
Ek sal dit koester die wêreld sal weet.
Jou voorbeeld en liefde sal ons nooit vergeet.

Gee my jou ambag, ek wil dit leer.
Hoe 'n leier en koning sy mense kan eer.
Ek sal dit beoefen, ek sal dit ken.
Die teerheid en liefde wat ander kan wen.

Gee my jou drome, ek wil dit sien.
Die prys so betaal om ander te dien.
Ek sal dit koester, die wêreld sal weet.
Jou voorbeeld en liefde sal ons nooit vergeet.

Liewe Madiba, ek skryf die vir jou.
Ek weet daar's baie briefies soos my een aan jou.
Ons het nooit ontmoet nie, maar voordat jy groet.
Wil ek jou iets vra, dis iets wat ek moet.

[Bron: *Sarah Theron se album Terug na jou,* uitgegee deur Select Musiek.]

4.1 Wie is die spreker in die gedig en wat is die rede vir die korrespondensie? (2)

4.2 Verduidelik waarom die aanspreekvorm in die brief ironies is. (1)

4.3 Hoe kontrasteer die rymskema in strofe 2 en 3 met die ander strofes in die gedig en waarom is hierdie afwyking in strofe 2 geslaagd? (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

4.4 Die spreker wil Nelson Mandela se nalatenskap vereer. Bewys hierdie stelling deur DRIE frases uit die gedig aan te haal. (3)

4.5 Identifiseer die stylfiguur in versreël 10 en 11. (1)

4.6 Hoe sou jy die boodskap van die gedig op jou lewe van toepassing maak? (1)
**[10]**

**EN**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**dekonstruksie – *Fanie Viljoen***

ek kan ook gedigte skryf
my rekenaar kan hulle sommer uitrits:
reëls uitkots met versteekte boodskappe
koeplette
sonnette
kwatryne
en al daardie ander shit
ek en enjambement is beste buddies so
ek kan sinne laat oorloop van die een
reël
na die volgende
na die volgende
dat dit naderhand vloei soos verf in 'n Pollock-skildery
ek kan selfs verwysings inslot oor goed waarvan die meeste
mense nog nooit in hulle lewe gehoor het nie
asof dit my gedig soveel beter gaan maak as mense moet
google
om die betekenis te begryp
maar ek gaan nie hierdie gedig skryf nie
dis hoekom hierdie reëls binne 3 sekondes gaan self-destruct
3
2
1

[Bron: *Nuwe stemme* 5, Tafelberg-uitgewers, 2013]

5.1 Dui die toon van die spreker aan en motiveer of dit geregverdig is. (2)

5.2 Watter kritiek word daar deur die spreker oor tradisionele digters gelewer? (3)

5.3 Verduidelik die ironie in versreël 4–6 wanneer die uiterlike bou van die gedig in ag geneem word. (1)

5.4 Noem TWEE maniere hoe die spreker vir ons beklemtoon dat hy/sy enjambement met gemak kan gebruik. (2)

5.5 Gee 'n rede waarom hierdie gedig as 'n vrye vers getipeer kan word. (1)

5.6 Evalueer of die spreker se gedig vir jou beter is as die tipe gedigte wat deur hom/haar gekritiseer word. Motiveer. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Greg het gedink hy is bulletproof, maar eintlik was hy net ŉ pion.

Bespreek die stelling in ŉ opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

Sy pa kyk na hom. ŉ Spiertjie ruk bo-kant sy oog. Die verstarde ooglede beweeg nou.
Gaan sy pa huil? Hy het hom nog nooit sien huil nie.
Sy pa vou die pistool toe in die lap. Sy hande bewe.
"Gaan ... gaan slaap nou, my seun," stamel hy en trek ŉ lessenaarlaai oop. Tydsaam druk hy die pistool daarin. Daarna strek hy sy vingers uit na ŉ geel koevert wat op die tafelblad lê. Maar voor hy dit kan raak vat, kyk hy op. Sy gesig is natgehuil.
Die seun staan net daar, sy een hand steeds op die deurknop.
'Dis oukei, ek belowe," sê sy pa. "Ek ... ek sal nie ..." Die stilte word ŉ spons wat die woorde moet indrink. "Jy moet nie vir jou ma vertel nie. Oukei? Dis ons geheim." Sy mondhoek trek skeef toe hy probeer glimlag. "Gaan slaap nou."
Die seun se hand gly van die deurhandvatsel af en val langs sy sy. Hy sê steeds niks nie, maar binne in hom weerklink sy pa se stem.
Toe hy omdraai en kamer toe stap, hoor hy sy pa sê: "Nag. Lekker slaap ..."
Sy pa sê sy naam, maar hy hoor dit nie. Sy naam los op in die donker. Verdwyn.
Maar dit is goed so, want jare later sou hy vir homself ŉ ander naam kies. Een waarmee hy die vrees kon uitdryf. ŉ Naam wat sê hoe dit voel om magteloos te wag vir antwoorde en net eggo's uit die onderwêreld in ruil te kry.
Ekk-0

7.1 7.1.1 Wie is die seun waarna daar in die bogenoemde teks verwys word? (1)

7.1.2 Noem DRIE handelinge van die pa wat tot die seun se toenemende ontsteltenis bydra. (3)



Hosted by www.ecexams.co.za.

7.2 Dui op 'n handeling wat veronderstel is om die seun gerus te stel. Watter woorde is teenstrydig daarmee? (2)

7.3 As 'n mens die rol van 'n pa in ag neem, is sy versoek in reël 11 geregverdig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

7.4 Herlees reëls 17 en 20.

Skuilname speel 'n belangrike rol. Identifiseer DRIE ander karakters en hul skuilname in hierdie roman. (3)

7.5 Wat is die verband tussen die titel van die roman en die gebruik van skuilname? (1)

7.6 Die onderstreepte woorde in reël 21 en 23 is 'n deurlopende motief in die roman. Haal EEN woord uit die teks met dieselfde betekenis aan. (1)

**EN**

**TEKS B**

Dis hoe vrees voel: Vuur blits deur jou hele lyf, elke senuwee ruk wakker, adrenalien gooi jou gedagtes in snelrat, jou oë sper oop, jou asemhaling hou op en jou borsholte pers saam. En jy hoor dit – jou eie hart. Klop. Klop. Klop.

Ek frons. Wat bedoel hy? Eckardt se stem klink anders as waaraan ek gewoond is. Sy stem het die keer toe hy daardie vrou gebel het om my te wys hoe social engineering werk, ook verander. Nou is die gemoedelikheid waarmee hy my met die hacking gehelp het weg. En in die plek daarvan is daar 'n selfversekerde hardegat arrogansie.

Is dit hy?

"Vandag, Greg, gaan jy jou laaste hacking-les by my kry. Sorry om te sê, maar hierdie een is 'n ball breaker." Hy glimlag weer skeef, maar die glimlag val gou weg en sy gesig word hard. Dis nie die ou wat ek as my vriend leer ken het nie.

"Jy het toe die keylogger op jou laprop gekry, nie waar nie? Of moet ek sê iemand ánders het dit gekry? Jy het nie 'n clue gehad dat dit op was nie. Jy het nie gedink dat hackers ook gehack kan word nie, nè!"

"Wat bedoel jy?"

"Was dit nie in een van my lessies nie?" Eckardt trek sy mond sarkasties. "O, dis reg ja. Ek het daardie een geskip. Hoekom dink jy het ek dit nie vir jou vertel nie, Greg? Take a wild guess!"

"Ek ... ek weet nie ..."

7.7 Reël 1–3 is 'n herhaling van 'n teksgedeelte wat vroeër in die roman voorkom. Verduidelik die konteks waarin dit vroeër gebruik is en identifiseer in elk van die gevalle watter karakter die emosies beleef het. (3)

Kopiereg voorbehou


Hosted by www.ecexams.co.za.

7.8 In watter ruimte speel TEKS B af? (1)

7.9 Herlees die onderstreepte woorde in reël 7 en 8.

Identifiseer ŉ vorige keer wat Greg vir Eckardt só opgesom het en verduidelik hoe en waar ŉ vriendskap, ten spyte van die vooropgestelde idee, kon begin. (3)

7.10 Herlees reël 17.

Verduidelik waarom die gebruik van die verkleinwoord wat Eckardt hier gebruik, gepas is. (1)

7.11 Verklaar die dramatiese ironie in TEKS B en gee die funksie daarvan. (2)

7.12 Verwys na TEKS A en B. Watter ooreenkoms is daar in die atmosfeer en waarom sou ŉ mens kon sê dat TEKS A tot dié oomblik in TEKS B gelei het? (2)

**[25]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – OPSTELVRAAG

Newekarakters het 'n invloed op die hoofkarakter.

Toon aan hoe Grace, Griesel du Pisani en Whitey vir Baas beïnvloed om tot die insig te kom dat hy op Manaka moet bly.

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

"Dit sal goed wees as jy nou probeer slaap. Jy gaan gesond word."
By die Plek van die Kremetartbome dra ouma Essie en haar dogter Miriam 'n jong vrou uit haar hut.
"In die huis van die Profeet van die Bybel sal my kind miskien gesond word," sê Miriam.
Dit is nie vir hulle 'n maklike werk om die vrou met die malaria uit te dra en haar weer op die slee te laai nie. Ouma Essie is oud en Miriam het net een voet, maar daar is niemand om te help nie. Die mans is by die khuta, die ander vrouens van Mubuyu is op die lande en Sitali, die siek vrou se kind, moet voor die osse staan dat hulle nie skrik nie. Die ander kinders is in die veld by die bokke en die paar beeste. Sitali loop voor die osse uit. By ouma Essie se lapa gaan hy weer staan. Ouma Essie en Miriam laai die vrou af en dra haar tot by die grootste van die drie hutte se deur. Daar moet hulle haar eers op die grond neersit om binne vir haar plek te maak. Die hut is baie vol. Die meubels wat ouma Essie gehad het toe sy nog in die sendingstasie by Manaka gebly het, staan tot teen die grasdak se nok gepak.
"Jou broer moet van Lusaka af laat kom word," sê ouma Essie vir haar kleinseun,
meneer Kebbey, toe hy en sy pa van die khuta af terugkom.
"Nee, my ma," huil Miriam. "My kind sal lewe." "Jos moet laat kom word," sê ouma Essie.

9.1 Wie neem die versorgingsrol in reël 1 waar? (1)

9.2 Waarom tree ouma Essie op Manaka as 'die Profeet van die Bybel' op? (1)

9.3 Baas én Griesel kry albei malaria.

In watter opsig hou Baas se malaria vir hom 'n nadelige én 'n voordelige gevolg in? Dink jy dis moontlik dat Griesel se malaria vir Baas positiewe gevolge het? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

9.4 Watter konfliksituasie het veroorsaak dat Miriam net een voet het? In watter opsig het dié konfliksituasie Grace se lewe verander? (2)

9.5 Watter tipe verteller is in reëls 11 tot 15 aan die woord? Watter nadeel het dié verteller in hierdie reëls? (2)

9.6 By watter geleentheid beteken meneer Kebbey vir Baas iets positiefs? Watter bewys bied die roman dat meneer Kebbey nie altyd kry waarvoor hy hom beywer nie? (2)

9.7 Hoekom is dit vir die verloop van die roman belangrik dat meneer Jos hier aan die leser bekendgestel word? (1)

**EN**

**TEKS D**

Ouma Essie het nog nie weer uit die bed opgestaan vandat sy van Ngweze af teruggekom het nie, sê Grace, en vir meneer Kebbey het hulle nog nie weer gesien nie. Miskien sal hulle hom môre sien wanneer die kombers van die nuwe hoofindoena afgehaal word. Die seremonie sal by Mubuyu wees omdat ouma Essie te swak is om Fumi toe te gaan.

"Hoekom sal iemand nou skielik vir ouma Essie omgee?" vra Baas.

"Dit is die woord wat ons van die khuta af gekry het," sê Grace. "En meneer Whitey was ook by Manaka toe jy in die veld was," vertel sy. "Hy het met sy trekker gekom om te hoor hoe dit gaan. Hy weet van die boot wat weg is. Hy sê dat hy nie na die inhuldiging toe kom nie. Hy wil vervoer probeer kry om Mongue toe te gaan. En ouma Essie het 'n boodskap gestuur dat meneer Baas die seremonie moet bywoon."

Die honde se kos is koud. Grace sit die bakke op die grond neer. Die nuwe hondjie val die pap en sous grommend aan. Toe Longwane nader kom, flits die tandjies voor haar neus verby. Grace skep vir die kleintjie sy kos in Brindle se bak oor. Hy eet klaar en dwaal dag lank soos 'n skaduwee al agter Baas en Lady oor die leë werf aan.

"Henna ngwenya! Dis 'n kampioen," sê meneer Johnnie vroegoggend onder die worsboom langs die water waar Baas in sy ma se Bybel sit en lees. Hy het die buffel se horings met sy byltjie uitgekap …

9.8 Wat gee en wat sê Baas later vir Whitey wat Whitey help met sy identiteit? Waarom wil Baas vir Whitey met sy identiteit help? (3)

9.9 Gee 'n rede vir ouma Essie se aandrang dat Baas (in reëls 10 en 11) die "seremonie moet bywoon". (1)

9.10 Formuleer die boodskap van die roman na aanleiding van reël 17. Dink jy Baas se optrede in reël 17 lewer bewys daarvan dat sy konflik opgelos is? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (3)

9.11 Wat doen Baas met Morena se horings? Gee TWEE redes vir Baas se handeling. (3)



Hosted by www.ecexams.co.za.

9.12 Herlees TEKS C reëls 13 tot 15 en TEKS D reël 6.

Wat is die verband tussen Baas se vraag in TEKS D en ouma Essie se lewensomstandighede in TEKS C? Dink jy die nuwe hoofindoena gaan ouma Essie se omstandighede verander? Motiveer jou antwoord. (2)

**[25]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Beantwoord ÓF VRAAG 10 (opstelvraag) ÓF VRAAG 11 (kontekstuele vraag).

## VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG

In die roman Vatmaar beleef Tant Wonnie en Oom Chai konflik as gevolg van hulle interaksie met mense.

Skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde waarin jy dié stelling bespreek. **[25]**

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

... en gaan staan by die koppenent van die kis. Hy het in die swart gesig van sy geliefde Ruth gekyk en in 'n mooi, ryk stem gesing: Rock of Ages, cleft for me, Let me hide myself in Thee ... Al vier verse.
Die kis is toegemaak en op Oom Flip se trollie getel en Ou Swaai het geweet sy moet nie haastig wees nie, die hele Vatmaar loop agter haar aan.
Langs die graf het Oom Chai met 'n gebroke stem Nader my God by U begin sing. Vatmaar het die woorde geken en dit gesing asof dit uit een hart kom en asof hulle met die Hemelse Vader van Vatmaar praat. Daarna is die kis laat sak. Oom Chai het 'n paar handevol sand in die graf gegooi en in Engels gesê: Dust tot dust, ashes tot ashes – uit respek vir sy vriend se taal.
Terwyl die graf toegegooi word, het Oom Chai na Oupa Lewies se gesig gekyk, sy hand gevat en hom weggelei. Hulle het mekaar omhels soos net tweelinge kan. Albei het begin huil. Die trane het op die skouers van die twee grysaards gedrup terwyl hulle so staan. Almal het stil geraak. Toe het die twee ou vriende hulle arms laat sak en sonder om na te dink het elkeen sy kakiesakdoek uitgehaal en die ander se gesig afgedroog. Die mense het dit alles doodstil staan en aankyk. Oom Flip het met 'n stadige skud van sy kop gesê: Die liefde ken nie grense nie.

11.1 Hoekom was die verhouding tussen Oupa Lewies en Ruth (reël 1 en 2) vir daardie tyd buitengewoon? (1)

11.2 Hoekom is Oupa Lewies en Ruth uiteindelik op Vatmaar gelukkig? (1)

11.3 Noem TWEE voordele wat sy verhouding met Oupa Lewies vir Oom Chai (reël 6) ná die Tweede Vryheidsoorlog ingehou het. (2)

11.4 Oom Chai en Oupa Lewies ken mekaar van voor Vatmaar se ontstaan.

11.4.1 Hoe dra Oupa Lewies tot Vatmaar se ontstaan by? (1)

11.4.2 Watter rol speel Oom Chai in die totstandkoming van Vatmaar as nedersetting? (1)

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

11.5 Oom Chai sing volgens reël 6 in Afrikaans.

Noem TWEE voorbeelde van Oom Chai se betrokkenheid om die Vatmaar-kinders in Afrikaans op te voed. (2)

11.6 Oom Chai beleef konflik in Vatmaar.

11.6.1 Watter besluit van Oom Chai veroorsaak dat hy die respek van die Vatmaar-inwoners verloor? (1)

11.6.2 Noem TWEE voorbeelde van innerlike konflik wat Oom Chai ervaar as gevolg van dié besluit? (2)

11.7 Die twee mans se wedersydse omgee in reëls 12 tot 14 is 'n bewys van die gesindheid wat op Vatmaar heers.

11.7.1 Noem TWEE voorbeelde van ander Vatmaar-inwoners se positiewe optrede teenoor mekaar. (2)

11.7.2 Word Settie September se dade teenoor Tant Wonnie deur omgee gekenmerk? Gee DRIE redes vir jou antwoord. (3)

**EN**

**TEKS F**

Miesies Wingrove moet my verskoon, sê Tant Wonnie. Ek het op pad van die Pan af gedink dit sal nou ordentlik wees om huur te betaal vir die dak oor my kop. Die dak behoort aan julle en ek sê dankie met 'n ope hart.
Toe haal sy 'n kers uit en steek dit aan en vat die lantern, lig die glas op en blaas die lig uit en gee dit vir Missus Wingrove: Asseblief, aanvaar dit as my dank.
Dit was of die twee vroue se harte een was want hulle gevoelens was dieselfde. Ek sê ook baie dankie, het Missus Wingrove gesê.
In haar enigheid het Suzan gedink: Die Here is goed, maar nou gee my Ma-Ma dan weg wat Hy vir ons gegee het!
Suzan, sê Missus Wingrove, steek asseblief vir jou Antie die lamp op. Toe Suzan vir haar die brandende lantern aangee, sê sy: Dankie. Vat dit vir jou my kind, ook met 'n ope hart.
Dankie, Antie Wingrove, het Suzan gesê en die lantern teruggehaak aan die draad waar dit gehang het. Toe het sy die kers met haar vingers uitgesnuit. Want die mense het gesê om 'n kers met jou mond uit te blaas, is om die lig uit die huis uit te blaas.
Sy het die vrou omhels en haar van haar stoel af opgelig en gesoen want sy was baie klein.
Jy druk my wind uit, het Missus Wingrove laggend gesê.
Baie dankie, Antie, het Suzan weer gesê. Ek sal mooi agter dit kyk.

11.8 Reël 1 verwys na Tant Wonnie.

11.8.1 Wat het gebeur wat dit nou vir Tant Wonnie moontlik gemaak het om huur te betaal? (1)

11.8.2 Op watter TWEE maniere het Settie September se optrede Tant Wonnie bevoordeel? (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

11.9 Watter voorwaarde stel Missus Wingrove vir Tant Wonnie se terugkoop van die huis? (1)

11.10 Hoekom is Suzan se dankbaarheid in reëls 15 tot 18 ironies? (1)

11.11 Herlees TEKS E reël 15 en 16 asook TEKS F reël 8 en 9.

11.11.1 Hoe geld Oom Flip se gedagte dat die liefde nie grense ken nie vir Ma Khumalo en Kenny onderskeidelik? (2)

11.11.2 Geld die tema van lyding sonder grense vir Suzan (reël 18) en Harry Look onderskeidelik? Motiveer jou antwoord. (2)

**[25]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

**_DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE_ – Eleanor Baker**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12: _DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE_ – OPSTELVRAAG**

"Die lewe is nie 'n storieboek nie."
Die teendeel van die Engel se woorde bly vir lank in Iris se lewe waar.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 13: _DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE_ – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

Daar was hierdie man, sien, 'n oujongkêrel, ryk genoeg en aantreklik, 'n Eduard eintlik. Hy het nie vreeslik in meisies belanggestel nie, maar sy jonger broer het. Sy naam was Peter. (My karakters het altyd Engelse of buitelandse name gehad en die verhaal het ook êrens anders afgespeel. Selfs my vrugbare verbeelding kon nie romanties raak onder Suid-Afrika se bakkende son en interne probleme nie.) Ek, of liewers: sy, was nie een van Peter se meisies nie, sy was bloot 'n goeie vriendin. Die meisie by wie hy sy hart kon kom uitpraat. 'n Maat. Maar op 'n gegewe aand kom hy by haar aan, baie laat. Hy het te veel gedrink, kan sy dadelik sien toe sy eers wakker is. (Sy het al geslaap.)
"Wat makeer?" vra sy en begin koffie maak.
Hy trek sy das los en val op haar bed neer. Terwyl hy haar vertel hoe sy meisie hom teleurgestel het en hoe alles die afgelope weke met hom verkeerd gaan, moet ek miskien 'n bietjie agtergrond inskets.
Sy bly alleen in 'n ateljee-tipe woonstel. Basies net een baie groot vertrek met 'n badkamer êrens op die agtergrond. Wat sy doen, weet ek nie. Iets vaags soos 'n proefleser, in elk geval iets wat sy by die huis kan doen. Miskien was sy selfs 'n skryfster. (Sy was my alter ego en ek was altyd besig om stories te versin.) Ek wou nie tyd mors met wonder waar haar geld vandaan kom en hoe sy dit regkry om brood en melk te koop nie.

13.1 Wanneer dink Iris die fiktiewe Peter uit en waarom leef dié karakter nie baie lank nie? (2)

13.2 Watter onregverdige aanname maak Iris oor die regte Peter wanneer sy hom ontmoet? Hoe bewys die regte Peter haar later verkeerd? (2)

13.3 Hoe dra Iris se obsessie met haar naam by tot haar innerlike konflik oor die moontlike modelkontrak? Kan Iris se swak selfbeeld aan hierdie obsessie toegeskryf word? Motiveer jou antwoord. (2)

13.4 Waarheen gaan Iris en die werklike Peter uiteindelik vir 'n sogenaamde romantiese vakansie? Op watter wyse ervaar Iris die milieu daar van die begin af as 'n antiklimaks? (2)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

13.5 Wat is die TWEE funksies van Iris se erkenning in die roman dat werklikheid en fiksie in haar lewe oorvleuel? Is die Engel vir Iris 'n fiktiewe karakter? Motiveer jou antwoord. (3)

13.6 Gee DRIE verskille tussen Iris en Greta, haar alter ego, se karaktereienskappe. (3)

**EN**

**TEKS H**

Die oomblik toe die seremonie verby was en die foto's geneem, het ek my trui weer aangetrek. Peter het nie omgegee nie, maar Elsa het in my oor gesis dat 'n bruid nie 'n trui dra nie en hoe kan die mense die mooi rok waardeer as ek dit toewikkel in 'n wolkombers?

Tydens die onthaal het ek opgekyk na die kerksaal se vensters waardeur die winterson weldadig geskyn het en agter 'n groot rangskikking bestaande uit buite-seisoenlike blomme, het ek die Engel sien staan. Ek het vir hom geglimlag en hy het vir my geknipoog en sy duim in die lug gehou.

"Die Engel is ook hier," het ek vir Peter gefluister toe almal opstaan om op ons gesondheid te drink.

"Het jy hom genooi?" het Peter gevra.

"Hy kom nie net op uitnodiging nie."

"Van wie praat julle nou?" het my nuwe skoonpa gevra, wat aan my ander kant gesit het. Die mense was aan die rondbeweeg en eet en onder die algemene gedruis kon ons praat.

Ek het hom reguit in die oë gekyk. "Die Engel."

"Is hy hier?" het die oom gevra en oor sy mond gevee.

"Ja." Peter het nie saamgepraat nie omdat Ma hom aan die arm beetgehad het en besig was om hom te vertel van Kara se Michel en hoeveel hy nou weeg.

"Waar?" het die oom gevra en bang rondgekyk.

"Agter die blomme. Daar by die venster."

Hy het soontoe gekyk en gefrons. "Ek sien niks nie."

13.7 Iris en Peter se troue is die bewys van nog 'n vooropgestelde idee wat Iris laat vaar het. Bewys die stelling. (1)

13.8 Hoekom is Iris se voorkoms by haar eie troue ironies? (1)

13.9 In reëls 5 tot 7 staan die Engel op die agtergrond. Hoe sluit dit by die slot van die roman aan? (1)

13.10 Noem TWEE insidente vóór die troue en TWEE insidente ná die troue as bewys dat die Engel nie 'n ware beskermengel was nie. (4)

13.11 Herlees reël 17 en 18.

Speel die Engel 'n raadgewende rol in Iris en haar skoonpa se verhouding? Motiveer jou antwoord. (1)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

13.12 Herlees reëls 14 tot 16 van TEKS G asook reëls 5 tot 7 van TEKS H.

Hoekom skep Iris fantasiekarakters in TEKS G? Is dit oortuigend dat Iris van Greta ontslae raak, terwyl die Engel in TEKS H steeds deel van Iris se lewe bly? Motiveer jou antwoord deur na Greta en die Engel te verwys. (3)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

Beantwoord ÓF VRAAG 14 (opstelvraag) ÓF VRAAG 15 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG**

Dit is nodig vir karakters in ŉ drama om te verander en as mens te groei. Ons sien dit veral in die lewens van Antie Grootmeisie, Cavernelis, Cyril en Richie.

Bespreek die stelling in ŉ opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS I**

*MAP se ma besoek hom in die tronk. Ons sien vir Map aan die een kant van die dik glas wat gevangenes van hul besoekers skei; Antie Grootmeisie, teenoor hom, aan die anderkant. Grys mure van die tronk rondom. Antie Grootmeisie praat nie. Map is al een wat praat, dán huiwerend, dán met drif.*
*Stilte.*

MAP: Ek is nog ôrait, Ma ... 'is Map ... 'is Johnnie ...
*Sy kyk na hom, knik.*

MAP: Hoe gaan 'it moet Ma?
*Sy knik dat dit "goed gaan".*

MAP: En moet Blanchie? Sy kom ook nie meer nie ... ek wiet sy't ook altyd skelm gekom, sonner lat haar mense wiet ...
*Antie Grootmeisie kyk na hom, vol ontsteltenis.*

MAP: ... maar ek verkwalik haar nie ... Die social worker het weer moet my gepraat, sy's nogal vrinnelik ...
*Sy kyk na hom.*

MAP: Miss Africa ... ŉ Mens kan nogal moet haar praat.
*Sy kyk vraend op.*
*Antie Grootmeisie knik.*

MAP: Sy sê parole is nou due vir my, ek kom yt op die sewende wat nou kom, annermaand ...
*Antie Grootmeisie kyk lewendig op.*

MAP: Annermaand!
*Sy knik opgewonde.*
Parole, Ma ...
*Sy knik weer.*
Ek is jammer oor dit alles, Ma ... Ek het al gesê ... Ek het vir Ma al gesê, ek is jammer oor dit alles ... Ek het ge-change hierso in die tronk in. Ma wiet self. (*Driftig.*) Ek is jammer, maar Ma moet my glo, Ma móét my gló! Ek het ge-change hierso ...
*Sy skud haar kop hewig om te kenne te gee dat sy "glo".*



Hosted by www.ecexams.co.za.

15.1 Vir watter misdaad is Map in die tronk en wat het daartoe aanleiding gegee? (2)

15.2 Waarom praat Antie Grootmeisie nie in TEKS I nie, maar wel in die ontknoping van die drama? (2)

15.3 Ten spyte van Antie Grootmeisie se stilswye neem sy tog deel aan die gesprek. Bewys hierdie stelling met VIER redes. (4)

15.4 Evalueer hoe Antie Grootmeisie se stilswye tot Map se karakterontwikkeling bydra. (1)

15.5 Herlees reël 8.

Die tweeledigheid van karakters kan regdeur die drama bespeur word. Evalueer die korrektheid van die stelling deur na Map, Blanchie en Cavernelis in jou motivering te verwys. (3)

15.6 Herlees reël 11.

Waarom het Blanchie opgehou om vir Map in die tronk te kom kuier? (1)

15.7 Verklaar die titel van die drama in jou eie woorde en verduidelik ook hoe reël 21–22 daarby aansluit. (3)

**EN**

**TEKS J**

| | |
|---|---|
| MAP: | Ma! Die band nét so, oompie Paulsen-hulle. .. even húlle, net so, dieselfde ... Map Jacobs, obviously, sal die band nou ŉ naam gee, so steer ma' clear van Map Jacobs af, nou ... allerhande ekskusies ... die membership is al vol, die vorms vir die end vannie jaar se competitions is al ingevul ... *(Lag.)* Even die verskoning: Ons het al klaar ŉ sax, as ons net gewiét het jy kom ýt, ou Map, maar ons het nie gewiet nie ... Very sympathetic, almal!<br>*Stilte dan –* |
| MAP: | Ma! Tommy Sobotker vertel vir my van Blanchie ... van daai wit varke wat haar verlei ... vir Blanchie, Ma ... wat het moet ons gebeur, Ma, moet my en moet haar? (*Bewoë.*) Ons was same op skool, in die Elsiesrivier ... alles het mooi gelyk, ek het gehou van haar en sy't gehou van my, en toe ... kom al die dinge wat gebeur het ... Wat het moet ons gebéúr, Ma? (*Huil amper; dan driftig.*) Lyster julle ammal! (*Hy spreek die straat aan.*) Ek mind nie wat Blanchie gedoen het meanwhile nie, ek mind van niks, even as it waar is sy het ŉ abortion gehad van ŉ wit vark of van enige iemand ... Here Jesus, wie is ekke om te mind! Apostel George, ja, jy sê vir my, wie is ekke om te mind, ek is soes niks, soes niets ... soes niks ... Niets... (*Die straat raas.*) 'Is net ... Hoekô avoid jy vir my, Blanchie?... Hoekô avoid sy vir my?... (*Dan sagter.*) Here! Ma! Apostel George! Hoekô avoid sy vir my ... Ek wil so graag net moet haar prááť, net vir haar sê, ek is sorry ... Blanchie ... Ek het shit aangevang ... |



Hosted by www.ecexams.co.za.

15.8 Wat het aanleiding gegee tot Map se ontsteltenis in TEKS J? (1)

15.9 Wat is die naam van die orkes waarna Map in reël 1–8 verwys en waarom kan hul naam hier as ironies gesien word? (2)

15.10 Herlees die onderstreepte woorde in reël 16 en 21.

Wat word hierdie teksgedeeltes genoem en waarom word daar deurlopend na die straat in Map se monoloog verwys? (2)

15.11 Sou jy vir Blanchie kon vergewe as jy Map was? Motiveer. (1)

15.12 Kontrasteer Map se gemoedstoestand in onderskeidelik in TEKS I en TEKS J en verduidelik hoe elke teks se milieu daartoe bydra. (3)

**[25]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

***MIS* – Reza de Wet**

Beantwoord ÓF VRAAG 16 (opstelvraag) ÓF VRAAG 17 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 16*:* *MIS* – OPSTELVRAAG**

Meisie se karakterontwikkeling dra by tot haar uiteindelike lot.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 400 tot 450 woorde. **[25]**

**VRAAG 17: *MIS* – KONTEKSTUELE VRAAG.**

Lees die onderstaande uittreksels en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

| | |
|---|---|
| | *GERTIE volg MIEM. Hulle verdwyn deur die gangdeur. Die KONSTABEL sit. Doodstil. MEISIE is ongemaklik en vroetel met haar hande.* |
| MEISIE: | (*na ŉ stilte*) Ek is jammer. |
| KONSTABEL: | En waaroor, Juffrou? |
| MEISIE: | Ek weet nie wat om te sê nie. Ek is nie gewoond aan mense nie. |
| KONSTABEL: | Werklik Juffrou? Kry u nie besoekers nie? En ... waarom nie? So ŉ aantreklike, jong dame? |
| MEISIE: | Ek weet ... nie. (*Kort stilte*) Ek dink dis oor die mis. |
| KONSTABEL: | Die mis, Juffrou? |
| MEISIE: | Daar's baie mis op die werf. Groot hope mis. Soos hooimiede. Alle soorte. Beesmis. Perdemis. Varkmis. Aan die begin van elke maand bring die boere hulle mis. Lorries en waens vol mis. Aan die einde van die maand word dit in sakke gesit (*Wys na die sakke*) en ons verkoop dit. Vir bemesting (*Kort stilte*) My ma sê dit hou ons aan die lewe. Die mis. (*Skielik hard, byna histeries*) Maar dit stink! (*Skielik skaam*) U ... ruik dit seker ook? |
| KONSTABEL: | Dit pla my nie, Juffrou. |
| MEISIE: | Vanaand ruik dit nie so sterk nie, want dis koud en alles is toe. Maar in die somer is dit baie erg. Die stank ... en die vieslike vlieë. Swerms vlieë. En brommers. Groot, blink brommers. (*Stilte*) Ek ... het roosbome voor my venster geplant. (*Stilte*) En dis hoekom ... niemand wil kom kuier nie. Dit ruik so aaklig. En wie sou nou tee wou drink? Die vlieë het mis aan hulle pote. Hulle loop op die tertjies en val in die melk. (*Kort stilte. Sy glimlag*) Laas jaar het Danie Venter kom kuier. Een Sondag. Die wind het reg gewaai. Die wind het die vlieë weggewaai en die huis het geruik na rose. |

17.1 Op watter dag speel die drama af? (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

17.2 Herlees die onderstreepte woorde in reël 12. Watter ander betekenismoontlikhede is daar wat met die titel van die drama verband hou? (4)

17.3 Konstabel probeer in die bogenoemde teksgedeelte Meisie se guns wen. Bewys hierdie stelling met DRIE voorbeelde van hoe hy te werk gaan. (3)

17.4 Herlees reël 24.

Verduidelik die parallel wat daar met dié beeld en Meisie se lewe getrek kan word. (2)

17.5 Is dit geregverdig om te sê dat elk van die vroue in die drama ŉ ander verwagting van Konstabel koester? Motiveer jou antwoord. (3)

**EN**

**TEKS L**

| | |
|---|---|
| MEISIE: | (*Maak die 'gaatjie' met duim en voorvinger en loer daardeur*) Eers die een oog en toe die ander. (*Stilte. Verwonderd asof sy weer sien*) Ek sien ŉ man met lang, swart hare en blink mantel. Daar's ook ŉ meisie. Hy wys ŉ saag vir die mense en roep iemand nader om te voel hoe skerp dit is. Oom vet Soon kom voel en almal lag, want hy sny sy vinger. Die man wys na ŉ lang kis en klap dan die deksel oop. Die meisie soebat en smeek, sy val op haar knieë voor die man. Hy gryp haar polse en sleep haar na die kis. Hy gooi haar in en maak die deksel toe. Haar kop steek diékant uit en haar voete daaikant. Sy lyk baie bang. Die man begin saag en saag en saag. Die meisie skree. Die saag is vol bloed en die kis is middeldeur, maar haar kop roer nog én haar voete. Die man gooi sy mantel oor die kis en sê toorwoorde. Hy haal sy mantel af en maak die deksel oop. (*Oorstelp van vreugde*) Die meisie spring uit en alles is reg, sy's weer heel! Die mense skree en fluit. Sy sprei haar arms oop. (*lig haar arms op en glimlag*) Die man maak ŉ kou oop en voëls vlieg uit. Alle soorte met baie kleure. Hulle hang in die lug bokant haar. (*Lyk skielik droewig. Laat haar arms stadig sak. Die geluid van die wind hou op.*) Toe voel ek ŉ hand op my skouer. Dit was my ma. Sy het haar japon gedra en haar hare was nog ingedraai. Sy't die tuinhekkie gehoor toe ek uitgaan en gekyk of alles reg is. My ma het my goed grootgemaak. En elke jaar het sy my belet om sirkus toe te gaan. Ek was ongehoorsaam. |

17.6 Benoem die teksgedeelte in reël 1 en verduidelik Meisie se handeling. (2)

17.7 Watter stylfiguur word in reël 11 gebruik om Meisie se ervaring van die sirkus in te kleur? (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

17.8 Herlees die onderstreepte woorde in reël 16–17.

Evalueer of hierdie woorde ’n voorbode vir die ontknoping van die drama is al dan nie. Motiveer. (1)

17.9 Watter woorde en handeling dui onderskeidelik die antiklimaks in Meisie se monoloog aan? (2)

17.10 Reël 23–24 is ’n duidelike bewys vir die leser dat Meisie al vir jare deur haar ma gemanipuleer word. Identifiseer maniere waarop Miem haar manipuleer en onder watter vaandel doen sy dit? (3)

17.11 Meisie en Miem heg uiteenlopende waarde aan die sirkus. Wat beteken die sirkus vir elk van hul. (2)

17.12 Meisie se gemoed verskil van TEKS K na TEKS L. Hoe dra Meisie se twee monoloë tot haar uiteindelike lot by? (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

## AFRIKAANS HUISTAAL V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 80**

More Recourses

Testpapers.co.za Exam Papers / Study Guides / Summaries / Tutoring

TestpapersPro.co.za Study Notes / Quizzes / Flashcards / Exam Questions

## NASIENRIGLYNE

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. **(Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)**

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae en die gesiene gedigte beantwoord het, word die eerste twee gedigte se antwoorde nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee literêre opstelle beantwoord het, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste antwoord in elke afdeling nagesien mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyn nagesien.

6. Taalfoute by kontekstuele vrae word nie gepenaliseer nie. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. Opstelvrae*:*
   As die literêre opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het. As die literêre opstel te lank is, assesseer dit op meriete en bespreek dit met die senior nasiener/ vakhoof. Die nasienriglyne is slegs 'n riglyn, daarom moet ander relevante inhoud as korrek beskou word. Gebruik die aangehegte rubrieke om die opstelvrae na te sien.

8. Kontekstuele vrae:
   As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

9. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JAN/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.

10. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

11. **Moenie woorde nasien nie; sien betekenis na.**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: GEDIGTE

### VRAAG 1: LITERÊRE OPSTEL

**’n Paternoster vir Suid Afrika – Lina Spies**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte **ASSESSERINGSRUBRIEK VIR LITERÊRE OPSTEL – HUISTAAL: POËSIE** nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENT WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEILLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| ARGUMENT | MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING OF PARAFRASE | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied ’n toepaslike inleiding aan. | | |
| **EENHEID** | | |
| **Die titel spreek reeds die idee van eenheid aan.** | Omdat die hele land se mense vir die gebed in ag geneem word. | *“’n Paternoster vir Suid-Afrika”* |
| **In versreël 1–2 word die gevoel van eenheid uitgebrei.** | Omdat al die mense van die land in die gebeds-versoek ingesluit word. | *“laat die name geheilig word van al die kinders van die land”* |
| **Die ‘hulle’ in strofe 3 sluit kinders van alle rasse in.** | Omdat die arbeiders en boere se kinders saam op die plaas gespeel het. | *“wat modderkoekies gebak het uit sy aarde”/ “dassies skrikgemaak het in sy klowe”/ “wolgetrap het in sy krale”* |
| **In die gebed word daar deurgaans na “ons” verwys.** | Omdat die spreker se wens is dat ons almal mooi met mekaar sal omgaan. | *“en Here, sien ons hande aan”* |
| **Die geskenk van die speelmaat dui op vreedsaamheid en aanvaarding tussen rasse.** | Omdat die kinders in hul onskuld mekaar se verskille kan opmerk en waardeer. | *“om my wit pols is ’n armband van gras; my donker speelmaat het dit kunstig gevleg …”/ “soos ek nooit kon nie”* |
| **In strofe 7 sluit die metafoor alle mense in.** | Omdat ons almal God se kinders is. | *“aan u behoort … die skape van sy weiding”* |
| **In versreël 32 is die versoek op alle mense gerig.** | Omdat die spreker vir God vra om ons te help om mekaar met liefde te hanteer. | *“Gee ons liefdevolle hande, Heer”* |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| **VERDEELDHEID** | | |
| **In strofe 3 word daar die eerste melding van verdeeldheid gemaak.** | Omdat daar vir ons 'n prentjie geskep word van die wit boere se kinders wat die swart arbeiders se loon bepaal. | *"swart bolywe"/ swart versigtige hande" teenoor "ek kon die lootjies uitdeel"* |
| **In strofe 5 word die mense gegroepeer waarvoor gebid word.** | Omdat die vergeetagtiges (die wat vergeet het hoe lekker hul as kinders met almal kon saamspeel) en uitgerustes (die wat nooit saam met mense van ander rasse gewerk het nie) teenoor die luidrugtige (die wat luidkeels politiek verkondig, maar nooit meegewerk het aan goeie volkere verhoudings nie) gekontrasteer word. | *"Vergewe ons, die vergeetagtiges, die uitgerustes, soos ons hulle vergewe, die luidrugtiges"* |
| **Die idee van verdeeldheid word versterk in strofe 6 omdat elk van die kinders se rasse genoem word.** | Omdat ons kulture tog verskil en dit vir party mense moeilik is om dit te waardeer. | *"wit pols" teenoor "donker speelmaat"* |
| **Die metafoor in versreël 33 verwys na die verdeeldheid tussen mense van verskillende rasse in ons land se geskiedenis.** | Omdat rasseverhoudings van die verlede vandag nog veroorsaak dat mense mekaar nie volkome vertrou nie. | *"belemmerde kleed"* |
| **GEBED** | | |
| **In die titel het ons reeds bewyse dat die gedig in die formaat van 'n gebed aangebied gaan word.** | Omdat die woord Paternoster na die Onse Vader verwys. | *"'n Paternoster vir Suid-Afrika"* |
| **Die aaspreekvorm in versreël 1 is 'n verdere bewys dat ons hier met 'n gebed te doen het.** | Omdat God direk aangespreek word. | *"Here, laat die name geheilig word …"* |
| **Strofe 1, 5, 6, 7, 8, 9 stem ooreen met die formaat van 'n gebed.** | Omdat ons ooreenkomste met die onse Vader kan waarneem. | *"Vergewe ons …"/ en Here sien ons hande aan …"/ "Aan u behoort die land …"/ "Gee ons liefdevolle hande, Heer …"* |
| | | |
| Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. | | |
| | | **[10]** |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Op sy branderplank" – Petra Müller**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 2.1 | In strofe twee is die branderplankryer op die strand, maar die titel skep die verwagting dat hy deurgaans op sy branderplank gaan wees. √ | 1 |
| 2.2 | Strofe 1 geskied in die see/op 'n brander.<br>Strofe 2 speel op die strand/land af. √√ | 2 |
| 2.3 | Letterlik:<br>Hierdie versreël kan verwys na die branderplankryer wat sopas uit die water teruggekom het asof hy opnuut gebore word / die seun voel vernuwe en kan die natuur weer opnuut beleef na sy branderplankervaring. √<br><br>Mitologies:<br>Glaukus verander wanneer hy uit die see uitkom van sy seevoorkoms/ meerman na sy landvoorkoms/mens, wat as 'n geboorte beskryf kan word. √<br><br>*Die kandidaat moet BEIDE aanspreek vir EEN punt elk.* | 2 |
| 2.4 | Agterplasing √<br>Inversie √<br>Aandagstrepe √<br><br>*Kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 2.5 | Ja, dit is gepas, want die branderplankryer speel ook in die water net soos 'n rob./ die branderplankryer dra 'n donker duikpak nes die pels van 'n rob. √<br><br>*Kandidaat kan nie NEE as antwoord hier aanbied nie.* | 1 |
| 2.6 | Ja, net soos wat 'n vrye vers nie aan vasgestelde reëls hoef te voldoen nie, hoef die brandplankryer ook nie ingeperk te word deur reëls wanneer hy in die branders speel nie./ Nes daar vryheid met die skryf van 'n vrye vers ervaar word nie, voel die branderplankryer vry wanneer hy in die golwe speel. √<br><br>*Die kandidaat bied albei kante vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Susan Boyle" – Kobus Grobler**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Nêrens word die aangesprokene se naam genoem nie. √<br>Slegs 'n nommer (43212) word gegee wanneer daar van die deelnemer gepraat word. √<br>Daar word ook genoem hoe die deelnemer soos 'n skaap aangeja word. √<br>*Kandidaat bied DRIE antwoorde vir een punt elk aan.* | 3 |
| 3.2 | Dit word hier as 'n soortnaam en nie eienaam gebruik nie, omdat dit die beoordelaars en nie 'n enkele persoon beskryf nie. √<br><br>Nes Pilatus 'n oordeel oor Jesus moes uitspreek, is die beoordelaars besig om vir Susan Boyle op haar voorkoms te oordeel. √ | 1<br><br>1 |
| 3.3 | s-alliterasie/alliterasie √<br><br>Dit is effektief, want dit is klanknabootsend en stel vir ons voor hoe die gehoor en beoordelaars oor Susan gons./ dit beklemtoon hoe daar met Susan gespot word. √ | 1<br><br>1 |
| 3.4 | 'n Mens sou verwag dat iemand wat as die grap van die jaar beskou word, sal misluk, maar in werklikheid het Susan Boyle 'n ster geword. √<br><br>*Kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.5 | "in ongeloof laat aanskou" √ | 1 |
| 3.6 | Ja, nes 'n vrye vers is Susan Boyle eenvoudig/onopgesmuk. √<br><br>*Kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| | | **[10]** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

**"Briefie aan Madiba" – Sandra O'Kelly**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Iemand wat Madiba bewonder. √<br><br>Die skrywer wil graag eer aan Madiba betoon. √<br><br>*Kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord aan.* | 1<br><br>1 |
| 4.2 | ŉ Mens sou verwag dat die skrywer ŉ meer formele aanhef (soos Geagte meneer Mandela) sou gebruik as mens vir die president/vreemdeling skryf, maar hier gebruik die skrywer Nelson Mandela se bynaam. √ | 1 |
| 4.3 | In strofe 2 en 3 rym slegs die eerste twee versreëls, terwyl die ander strofes almal van paarrym gebruik maak. √<br><br>Dit is veral geslaagd in strofe 2 dat die rymskema verskil omdat dit verwys na Mandela se tyd in die tronk/'n onaangename tyd in sy lewe. √<br><br>*Kandidaat kan nie die NIE geslaagd hier as antwoord aanbied NIE.* | 1<br><br>1 |
| | | |
| 4.4 | "Ek sal dit oppas". √<br>"Ek sal dit koester". √<br>"Ek sal dit beoefen". √<br><br>*Kandidaat word NIE gepenaliseer indien NIE tussen aanhalingstekens is NIE.* | 1<br>1<br>1 |
| 4.5 | Polisindeton √ | 1 |
| 4.6 | Ons is Madiba baie dank verskuldig. / Ons moet soos Madiba probeer lewe. / Ons moet eerder dien as heers. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Leerder se eie antwoord, maar dit moet by die boodskap pas*. | 1 |
| | | **[10]** |

**EN**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

**"dekonstruksie" – Fanie Viljoen**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Krities<br><br>Ja, dit is geregverdig, want 'n gedig hoef nie hoogdrawend te wees/verskuilde boodskappe te hê om goed te wees nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee, nes die spreker nie van tradisionele gedigte hou nie sal daar mense wees wat nie van sy/haar gedigte hou nie./ Mense wat 'n waardering vir literatuur het, geniet tradisionele gedigte. √<br><br>*Kandidaat bied soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 5.2 | Hul word gekritiseer dat hul verskuilde boodskappe in hul gedigte gebruik./<br>Dat hul strofes vreeslik georden is./<br>Hul gebruik van enjambement is oordadig./<br>Hul gebruik verwysings na goed waarvan niemand al voorheen gehoor het nie / die betekenis moet gegoogle word. √ √ √<br><br>*Kandidaat bied enige DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 5.3 | 'n Mens sou verwag dat die spreker se gedig ook hierdie tipe strofes (koeplette, sonnette, kwatryne) sal bevat, omdat hy sê dat hy so kan dig, maar dan is sy gedig net een aaneenlopende strofe. √ | 1 |
| 5.4 | Alleenplasing (reël 10)./<br>Herhaling van "na die volgende"./<br>Die gebruik van enjambement deur die hele gedig. / die gedig is een aaneenlopende sin wat vloei van die een versreël na die volgende. √√<br><br>*Kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 5.5 | Geen vaste rymskema./<br>Wisselende versreël lengte./<br>Afwesigheid van hoofletters./<br>Afwesigheid van leestekens. √<br><br>*Kandidaat bied EEN antwoorde vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.6 | Ja, ek verkies gedigte wat maklik verstaanbaar is / wat nie te ernstig en hoogdrawend is nie.<br>**OF**<br>Nee, dis 'n onbenullige gediggie met geen diepte / slegs kritiek. √<br><br>*Kandidaat bied soortgelyke antwoord aan.* | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |

**TOTAAL AFDELING A: 30**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: ROMAN

***ONDERWÊRELD* – Fanie Viljoen**

### VRAAG 6: *ONDERWÊRELD* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**ARGUMENT WORD AANGEBIED EN ONDERSTEUN OF GEILLUSTREER DEUR NA DIE TEKS TE VERWYS.**

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING OF PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| **Die kandidaat bied ŉ toepaslike inleiding aan.** | | |
| **BULLETPROOF** | | |
| **Greg Owen is ŉ rykmanskind en voel daarom of hy onaantasbaar is.** | Omdat hy weet dat sy familie se goeie naam en geld hom bevoordeel. | Hy is ŉ leerder by Lawson-kollege, ŉ eksklusiewe skool met ŉ waglys van ŉ kilometer lank en ŉ ongeskrewe kriteria./Sy leierskap posisie was ŉ saketransaksie. |
| **As hoofseun van die skool tree hy op of die reëls benede hom is.** | Omdat hy sy pligte versuim sonder enige vrees dat hy gestraf sal word. | Hy stel nie ŉ wekker om vroeg op te staan vir sy gr.8-diens nie./Hy doen nie moeite om ŉ geveg in die klas op te breek wanneer die onderwyser uit die klas is nie./Hy drink saam met Eckard bier. |
| **Hy dink niks daarvan om sy skoolhoof se gesag te ondermyn nie.** | Omdat hy ontevrede voel oor hoe die skool Eckardt se verdwyning hanteer. | Hy weier om die rugbywedstryd te speel voordat die skool Eckardt se verdwyning rugbaar maak. |
| **Greg neem sake t.o.v. Eckardt se verdwyning in sy eie hande** | Omdat hy teenkanting van die hoof gekry het en weet dat sy pa hom nie sal help nie. | Hy stuur ŉ anonieme e-pos aan die media om die nuus van Eckardt se verdwyning openbaar te maak. |
| **Greg draai na die onderwêreld/onwettige aktiwiteite in sy soektog na Eckardt** | Omdat hy nie op die tradisionele maniere enige antwoorde kry nie. | Hy gebruik sy vaardighede as kuberkraker om inligting te bekom/hy gebruik social engineering met Joan Gibbs om in Dok se rekenaar data te kom. |
| **Greg lieg selfs vir die polisie en vertel hul net halwe waarhede.** | Omdat hy self sy soektog na Eckardt d.m.v. hacking wil voortsit. | Hy ontken sy betrokkenheid by die kuberkrakery. |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| **PION** | | |
|---|---|---|
| **TJ laat Greg besef hy is ’n pion.** | Omdat hy gehoorsaam (soos die res van die skoolseuns) moet doen soos wat daar vir hom gesê word. | Die skoolhoof het die seuns verbied om oor Eckardt se verdwyning uit te praat. |
| **Greg moet teen sy sin aan sy pa se verwagtinge voldoen.** | Omdat sy pa die patriarg van die Owen-gesin is./ hy bang vir sy pa is./ nie ‘n goeie verhouding met sy pa het nie en dit nie verder wil kompliseer nie. | Sy pa verwag dat hy 9 onderskeidings aan die einde van die skooljaar moet hê./ dat hy nie oor John se dood mag huil nie./ vir Dok Pienaar moet om verskoning vra nadat hy geweier het om vir die skool rugby te speel. |
| **Onbewustelik raak Greg ook ’n skaakstuk in Eckardt se skaakspel.** | Omdat hy sy skoolwerk afskeep om na Eckart te soek. | Hy word ingesuig deur die kuberkraakaktiwiteite wat Eckardt hom geleer het ten koste van sy vriendskappe en toekoms. |
| **Hy word in Eckardt se meesterplan misbruik.** | Omdat hy Eckardt se vuilwerk vir hom doen./sy wraakplan namens hom uitvoer | Nie net ontmasker hy die PNR-projek nie, maar hy inkrimineer sy pa ook terselfdertyd. |
| | | |
| Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan. | | |

**[25]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 7: *ONDERWÊRELD* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | | Antwoord | Punt |
|---|---|---|---|
| | | | |
| 7.1 | 7.1.1 | Eckardt Wilken / Eckardt. √ | 1 |
| | | | |
| | 7.1.2 | Dit lyk of sy pa wil huil / sy pa se natgehuilde gesig./<br>Sy pa wat 'n pistool in 'n lap toevou./<br>Sy pa se hande wat bewe./ √√√<br><br>*Kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |
| 7.2 | Die pistool wat in die lessenaarlaai gebêre word, behoort hom gerus te stel. √<br><br>Die versoek om 'n geheim van sy ma te hou, behoort hom verder te ontstel. √ | | 1<br><br>1 |
| 7.3 | Nee, dit is onregverdig om te verwag dat die jong seun die las van sy pa se moontlike selfmoordpoging alleen moet dra. / dit is onregverdig om te verwag dat die jong seun nie vir sy ma moet vertel dat alles nie pluis met sy pa is nie./ dat die jong seun nie sy ma se hulp / ondersteuning moet inspan nie. √√<br><br>*Kandidaat bied enige TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 2 |
| 7.4 | Greg: G-4ce/<br>Mnr. Owen: The candlestick-maker √<br>Dok Pienaar: The butcher √<br>Die viroloog: The baker √<br><br>*Kandidaat bied enige DRIE karakters en skuilnaam vir EEN punt elk aan.* | | 3 |
| 7.5 | Skuilname word gebruik om iemand se identiteit te beskerm, gewoonlik wanneer hul iets onderduims/verkeerd doen. Net so impliseer die titel Onderwêreld misdrywe/iets duister. √√<br><br>*Kandidaat bied EEN soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 7.6 | "Weerklink" √<br><br>*Kandidaat word NIE gepenaliseer indien daar NIE aanhalingstekens is nie.* | | 1 |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 7.7 | Die ander keer wat ons dié teksgedeelte aantref, is in die proloog wanneer ’n jong / 11-jarige Eckardt sy pa in sy studeerkamer vind waar hy met ’n pistool in sy hand sit. √<br><br>In die proloog ervaar Eckardt die emosies. √<br>In TEKS B ervaar Greg die emosies. √ | 1<br><br>1<br>1 |
| 7.8 | Clarens √ | 1 |
| 7.9 | Tydens die eerste skooldag van hul matriekjaar het Greg vir Eckardt in die matriekgang raakgeloop en besluit dat hy ’n hardegat houding het. √<br><br>Greg het later sy broer in Eckardt se oë gesien wat sy gesindheid teenoor Eckard verander het. √<br>Dit het by die trapperritueel plaasgevind. √ | 1<br><br>1<br>1 |
| 7.10 | Eckardt wil Greg beledig/verkleineer./<br>Hom laat dom voel./<br>Hom seer maak met sy woorde. √<br><br>*Kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 7.11 | Die leser weet reeds dat Greg sy eie pa vir die wolwe gegooi het toe hy Project Nursery Rhyme ontbloot het, maar Greg besef dit nog nie. √<br><br>Die funksie is om spanning op te bou. √ | 1<br><br>1 |
| 7.12 | Albei het ’n gespanne atmosfeer. √<br><br>In TEKS A het Eckardt as kind so seergekry dat hy daar en dan besluit het dat die mense wat vir sy seerkry verantwoordelik is (mnr. Owen en Dok) daarvoor sal moet boet en daarom word Greg nou in TEKS B die slagoffer van Eckard se wraakplan wanneer hy hoor dat hy sy pa se misdrywe/misdaad openbaar het. √ | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## *MANAKA PLEK VAN HORINGS* – PIETER PIETERSE

### VRAAG 8: *MANAKA PLEK VAN HORINGS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- Grace se versorging tydens Baas se malaria-aanval laat Baas herstel en maak dit uiteindelik vir Baas moontlik om op Manaka te bly./*Bv. bl. 50: "Dit sal goed wees as jy nou probeer slaap. Jy gaan gesond word."*
- Grace is die een wat deur haar voorbeeld vir Baas wys hoe omgee in Barotseland lyk: jy deel wat jy het met mense wat niks het nie soos hy wel maak./*Bv. bl. 125: "Sy is baie oud. En in die groen trommel agter die bed is daar nog van die blikkiesvis wat jy van Ngweze af gebring het voor jy siek geword het."*
- Grace beïnvloed Baas se verhouding met die Lozi's, want sy leer vir Baas die kultuurreëls/-gebruike van haar stam./sy sê vir hom dat hy nie lank in Barotseland sal oorleef as hy nie die kultuur van die Lozi's eerbiedig nie./Sy lei hom in besluite: wanneer hy die stam-polisieman ignoreer, sê sy dit kom neer op die vloek van die koning./Bv. bl. 89: "Dit is nie iets wat kan wag nie. Die polisieman is die oë en ore van die khuta," sê Grace. "Die khuta is die oë en ore van die litunga, die koning. Jy het die koning gevloek."/*Bl. 97: "In ons stam moet jy respek betoon. Ons is mense wat hande klap om te wys dat ons mekaar respekteer."/Bl. 94: "As jy nie weet wie jy kan slegsê en wie nie, sal jy nie jou pontboot klaarmaak nie."*
- Grace glo, soos haar ouma Essie, dat Baas met ŉ spesifieke doel na Manaka gestuur is, en dis nie om ŉ pontboot te bou nie. Sy vermaan Baas dat die Here hom oë en ore gegee het om te sien en te hoor wat Hy wil hê Baas moet sien en hoor – vir haar gaan dit om die sendingstasie./Grace verteenwoordig ouma Essie wanneer sy ouma Essie se woorde herhaal dat Baas met ŉ doel na Manaka gestuur is./*Bv. bl. 94: "Ook nie die werk waarvoor jy hiernatoe gestuur is nie."/Bl. 94: "As jy weggaan, sal die sendelinge ook weggaan."*
- Grace is die skakel tussen Baas en die sendelinge, want Baas se optrede is vyandig; Grace verduidelik vir Nanna dat dit hoofsaaklik toe te skryf is aan die nagevolge van die malaria. Sy interpreteer ook vir Baas reaksies van mense, soos bv. toe oom Scholtzie huil oor ŉ bars antwoord van Baas. Sy probeer dus die vrede handhaaf sodat die sendelinge sowel as Baas op Manaka kan bly./Bv. *bl. 109: "As ŉ mens oor iemand anders huil, dan huil jy eintlik oor jouself ook."/Bl. 111: "Grace het my gesê. Sy sê dit verklaar ook jou irrasionele optrede. Maar dis net tydelik ..."*



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Grace trek (onwetend) ŉ parallel tussen Baas en sy oupagrootjie wanneer sy hom daarop wys dat hy op Manaka is om die pad vir die sendelinge oop te maak sodat sy op die koop toe ŉ werk kan kry. Hierdie subtiele beïnvloeding werk, want hy kom uiteindelik tot die insig dat hy in sy oupagrootjie se voetspore moet volg deur op Manaka ŉ verskil te maak./*Bl. 95: "Om my te help om ŉ werk te kry, en om die pad vir die sendelinge oop te maak, is miskien party van die werke waarvoor die Here jou na Manaka toe gestuur het. Miskien is dit ook hoe hy die eerste sendeling gestuur het om Manaka te begin, lank voor my oupagrootjie se tyd."*
- Grace is die een persoon, naas ouma Essie, wat Baas se vertroue wen, soveel so dat hy haar met van sy diepste geheime vertrou: hy vertel haar bv. van sy droom oor sy oupagrootjie, nl. dat hy met hom ŉ denkbeeldige weddenskap aangegaan het om die skoenlapper te vang wat sy oupagrootjie nooit kon vang nie. Uiteindelik, wanneer hy oorweeg om weg te gaan omdat die khuta hom verder wil misbruik, is dit Grace wat Baas aan sy weddenskap herinner en hom sodoende beïnvloed om nie weg te gaan nie*./Bv. bl. 127: "Ek sal jou ŉ storie vertel. Van ŉ skoenlappervanger wat van Kanada af gekom en nege en twintig jaar in Afrika gebly het. Toe ek ŉ kind was, het ek hom in my gedagtes gewed dat ek vir hom die skoenlapper sal kan vang wat hy nooit gekry het nie."/ Bl. 180: "Die ou man in jou huis sê dis te min." Sy hou die munt reg voor sy oë. "Hy sê die prys van die weddenskap is tien bokke en ŉ kind."*
- Grace se aanvoeling vir besigheid is vir Baas op die lang duur baie werd. Sy besef dat hy, as gevolg van sy goeie hart, dikwels van die vleis wat hy skiet, weggee vir die arm mense wat op Manaka kom vleis koop. Sy besluit self dat sy die vleisverkope in die toekoms sal hanteer om seker te maak dat Baas ŉ inkomste het. Daarmee suggereer sy by voorbaat dat Baas op Manaka gaan bly./*Bv. bl. 196: "Hierdie keer sal ek die vleis verkoop." Sy vryf haar hande teen mekaar en buig haar knieë ŉ klein bietjie. "Om besigheid te doen, is nie iets waarmee jy goed is nie."*
- Grace is ŉ mensekenner wat weet wanneer Baas voor moeilike situasies te staan kom. Subtiel beïnvloed sy hom om die regte ding te doen/regte keuse te maak deur liedjies uit sy kinderdae te neurie. Sodoende maak sy dit vir Baas moontlik om die regte ding te doen sodat hy nie in die moeilikheid kom nie en daarom later as leier op Manaka die voorbeeld kan stel./*Bv. bl. 131: "I once was lost but now I'm found, sing sy sag en wieg haar lyf effens op die maat."*
- Grace speel ŉ groot rol in Baas se konflik oor godsdiens en die Bybel, aangesien sy onbeskaamd godsdienstig is en volgens haar geloofsoortuiging leef. Sy glo dat die Here altyd die een of ander boodskap stuur. Sy is ook die een wat Baas meedeel dat "omgee" van jou ŉ Christen maak. Hy het soveel omgee wat hy bewys, dat dit vir hom net logies moes wees dat hy op die sendingstasie ŉ plek van omgee behoort te bly./ *Bv. bl. 228: "Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna."/Bl. 228: "Omgee, ja, dis sendingbloed."*
- Grace stel omgee gelyk aan Christenwees. Dis sy wat Baas oortuig dat hy ŉ Christen is vanweë sy omgee en die feit dat hy weet waarheen hy in die huidige en toekomstige lewe gaan. Dis hierdie invloed wat so verdiep/groei dat Baas uiteindelik besef dat hy wel met ŉ doel na Manaka gestuur is. Gevolglik herstel hy die bankies onder die worsboom en suggereer dat hy die herstel van die kerk sal onderneem./*Bv. bl. 228: "Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna."/Bl. 228: "Omgee, ja, dis sendingbloed."*
- Grace is vir Baas ŉ hulp. Wanneer hy die bankies herstel, of na sy boot gaan soek, dan beïnvloed haar hulp sonder dat hy haar vra. Dit laat Baas besef dat ŉ mens nie alleen kan regkom nie, en dat hy in die toekoms op Manaka vir ander ook beskikbaar moet wees./*Bv. bl. 244: Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas./Bl. 246: Hulle loop agtermekaar in die olifantpad teen die rivier af ..."*



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Griesel se voorbeeld as ’n hoogmoedige, onopregte prediker wys dadelik vir Baas die teenkant van Christenskap. Baas besef dat woord en daad by Griesel nie ooreenstem nie hy groei tot insig dat sy eie optrede baie meer van Christenskap getuig as Griesel s’n, wat maak dat hy beter op Manaka as Griesel pas./*Bv. bl. 42: “As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!”/Bl. 121: “Jy het hier van Manaka af met die voet Mubuyu toe geloop om vir Tibelelo pille te gee toe sy siek was.”/Bl. 67: “Ek moes vir hierdie ... vir hierdie man uitswaai ...”/Bl.74: Die bastou breek. Die honde storm. Griesel ruk die slaaphut se deur oop, struikel na binne en klap dit toe./Bl. 153: “Jy het ’n goeie vrou, Du Pisani. Jy moet haar oppas.”*
- Griesel word die spieël waarin Baas sy eie doen en late kan kaats wanneer hy opstandig/ontevrede voel oor die sendelinge sy lewe op Manaka kom omkrap./van hom tyd/hulp/aandag/die indringing in sy lewe vra sodat hy besef hoe ’n Christen nié behoort te maak nie./*Bv. bl. 42: “As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!”/ Bl. 59: Dominee Griesel du Pisani gooi water uit die wit plastiekkannetjie wat hy agter op sy bakkie het en was sy hande.”*
- As predikant op Manaka erken Griesel dat hy ’n misplaaste droom gehad het wat Baas se konflik oor sy eie drome beïnvloed/versterk, want hy sien dat ’n mens se eie drome en God se plan nie noodwendig dieselfde is nie. Aanvanklik hou hy vas aan sy droom om ’n boot op die Zambezi te kry terwyl die gemeenskap se behoefte aan ’n geestelike leier sy planne aanhoudend in die wiele ry./ouma Essie hom kort-kort wys op sy rol as gestuurde. Daarom groei hy uiteindelik in sy rol as leier op Manaka in./*Bv. bl. 122: “Wat wil jy met die boot maak?” “Ouma Essie staan vas teen Baas ... "Die drome wat die kinders van die Here droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom, ...”/Bl. 122: “So romanties is dit darem nie, ouma Essie. Die boot moet my aan die lewe hou.”/Bl. 118: “En wie weet of jy nie met die oog op ’n tyd soos hierdie Manaka toe gestuur is nie.”*
- Griesel se jaloesie as getroude man maak Baas bewus van Nanna as vrou./dat ’n mens nie alleen deur die lewe hoef te gaan nie. Baas wil graag alleen wees, want hy dink hy het nie ander mense nodig nie, maar begin dink oor sy eie eensaamheid./dink terug aan Fires./dink aan Riekert se woorde. Uiteindelik besef hy, hy kan nie alleen oorleef nie./hy het ander mense, soos Grace en die Lozi’s, nodig. Hulle het hom ook nodig./ *Bv. bl. 137: "Ek kom goed klaar sonder geselskap."/Bl. 145: Baas se oë soek na die kuiltjie in haar wang ... Hulle bly staan elkeen met ’n punt van die handdoek in die hand./Bl. 146: Eintlik was Fires se hare meer rooi as bruin. En sy het baie sproete gehad. Nanna het net ’n paar sproete en dié lê alles oor haar neus. En hier rond vat almal maar so ’n ou lekseltjie roet deur die draad.* “
- Griesel se ingesteldheid op die uiterlike beeld/korrekte optrede is in direkte kontras met Baas wat die goeie nie wíl doen nie, maar nie anders kan as om die goeie te doen nie. Griesel se voorbeeld/invloed bring Baas tot insig dat ’n mens se innerlike bepaal wie en wat jy is: hy is in wese ’n Christen/’n gelowige/’n goeie mens wat niks anders as goed aan mense doen nie. Baas begin besef dat hy dalk met ’n doel op Manaka is./*Bv. bl. 42: “As ek reg onthou, is dit jy wat die laaste dosis gevat het!”/Bl. 121: “Jy het hier van Manaka af met die voet Mubuyu toe geloop om vir Tibelelo pille te gee toe sy siek was.”/ Bl. 59: “Dominee Griesel du Pisani gooi water uit die wit plastiekkannetjie wat hy agter op sy bakkie het en was sy hande.* “

.



Hosted by www.ecexams.co.za.

- Griesel se negatiewe reaksie op die Lozi-kultuur/Grace se poging om die witmense in te lig oor die etiketgebruike van die Lozi's laat Baas besef dat hy, op Manaka, deel van die Lozi-kultuur is. Om op Manaka te oorleef, sal hy moet inkoop op die etiketgebruike. Teen die einde van die roman stap hy en Grace op tipiese Lozi-wyse in die paadjie af, wat bewys dat hy besluit om op Manaka te bly./*Bv. bl. 98: "Dis júlle kultuur." "Griesel wil onder die kombuisafdak gaan eet. Nanna trek hom terug in die hut.:"/Bl. 246: "Hulle loop agter mekaar in 'n olifantpad teen die rivier af om na die boot wat in 'n baie ou kanaal vasgespoel het, te gaan soek."*
- Whitey se vertelling dat dit sy oupagrootjie is wat Manaka begin het, beïnvloed Baas sodanig dat hy besef dat hy uiteindelik tuisgekom het by sy oupagrootjie se plek./dat sy kinderdroom om in sy oupagrootjie se voetspore te volg, kan realiseer./*Bv. bl. 174: "O, die ou buffeljagter? Ja, hy was my oupagrootjie. Hy was 'n Kanadees."/Bl. 174: Baas is lank stil. Die suising in sy kop is terug. Hy vat Whitey se beker en gee dit ook vir Grace. Hy haal die ou bruin Bybeltjie met die blink leeromslag van die rak af./Bl. 226: "Whitey gryp Baas vas. Baas gee vir hom die Bybel."*
- Whitey se erkenning dat sy oupagrootjie die Kanadees is wat Manaka begin het, laat Baas tot die insig groei dat hy nie langer aan sy oupagrootjie se Bybel kan vasklou nie, want deur die Bybel aan Whitey te gee, sal Whitey besef dat sy van nie "Dennis" is nie, maar "Chipman."/sal Whitey besef dat die familieverbintenis vir Baas belangrik is./ *Bv. bl. 175: "Ek stel belang. Sê my, dié oupagrootjie van jou, wat was sy van?" Baas gee met 'n bewerige hand sy leë koffiebeker vir Grace aan. "Dennis. Dis my van ook. Is jy seker dis jou van?"/Bl. 175: "Dit lyk dalk nie vir jou so nie maar hierdie takhaar kom uit 'n bloedlyn van sendelinge."/Bl. 177: "Nege en twintig jaar, om presies te wees, wil Baas vir hom sê, maar die woorde wil nie kom nie."*
- Whitey gee met sy vertelling oor sy oupagrootjie aan Baas die insig dat hy iewers behoort/sendelingskoene het om vol te staan. Wanneer Baas sy oupagrootjie se Bybel aan Whitey gee, deel hy vir die eerste keer die Evangelie met iemand as bewys dat hy sy oupagrootjie se plek gaan inneem./*Bl. 225: "Ek wil jou iets wys." Baas vat Whitey se beker en gee dit ook vir Grace. Hy haal die ou bruin Bybeltjie met die blink leeromslag van die rak af./Bl. 226: Whitey gryp Baas vas. Baas gee vir hom die Bybel."*
- Whitey se droom oor die verlore boot/se soektog na die verlore boot laat Baas besef dat hy in Whitey iemand het wat sy belange op die hart dra./se aankondiging dat hy die verlore boot in die Liabwa la Twelve gevind het, bring Baas tot die insig dat hy op Manaka selfs sy droom ten opsigte van sy boot kan realiseer./dat hy op Manaka kán bly./*Bv. bl. 224: "Ek kom eintlik net hoor of ek nie daardie seuntjie by jou kan leen nie*
- *... Ek het 'n droom gehad."/Bl.245: "Die boot het nie verby die waterval gedryf nie. Dit het in Liabwa la Twelve dwars gedraai en sit nou in die kanaal vas." "Jy het die boot gesién?" vra Grace vir Sitali."*
- Dat Whitey Baas se rol in die gemeenskap erken deur vir Baas planke vir die herstel van die bankies te bring, beïnvloed Baas/bring vir Baas die insig dat hy sy rol as geestelike leier nie langer kan ignoreer nie./hy 'n verantwoordelikheid het om in alle opsigte in sy oupagrootjie se voetspore te volg – daarom herstel hy die houtbankies sodat Manaka – plek kan wees waar die gemeenskap kan byeenkom, soos in die tyd van sy oupagrootjie./*Bv. bl. 223: "Hierdie is joune. Jy het daardie dag gesê jy wil bankies bou. Ek het sommer stutpaaltjies ook saamgebring."/Bl. 244: Sy gee koperskroewe aan. Baas skroef die eerste bankie se plank op die stutpaaltjies onder die worsboom vas."*

Die kandidaat bied 'n gepaste slot aan. **[25]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 9: *MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 9.1 | Grace √ | 1 |
| 9.2 | Ouma Essie volg in haar man/die Induna of God se voetspore/tree. √ | 1 |
| 9.3 | Nadeel: Hy is nie daar toe die sendelinge/Griesel by sy plek inbreek/sy plek beset nie./Hy kan nie aan sy boot werk nie./ Die siekte maak hom afhanklik van Grace./ander mense. √<br>Voordeel: Hy leer dat ’n mens ander mense/iemand soos Grace in jou lewe nodig het./gewoond daaraan raak om na Grace se raad/leiding te luister./ontmoet vir Whitey. √<br>Ja.<br>Griesel keer nie na Manaka terug nie, wat Baas se konflik oor die man (en sy vrou) ophef./<br>Baas kan rustig voortgaan met sy lewe sonder om verantwoordelik te wees vir die sendelinge./<br>Die sendeling se afwesigheid veroorsaak dat Baas die rol van geestelike leier inneem./vir die voortgang van geloof op Manaka sorg./in die sendeling se plek die werk doen. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 9.4 | Die Bosoorlog/Grensoorlog/Die konflik tussen die Suid-Afrikaanse magte en die inheemse bevolking. √<br>Grace het nie meer ouers nie./moet vir die verdere verloop van haar lewe by ouma Essie bly. √<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 9.5 | Derdepersoonsverteller √<br><br>Hy/Sy weet nie wat Sitali./die siek vrou dink nie./kan net rapporteer wat Sitali/die siek vrou doen./is ’n objektiewe waarnemer wat nie die vrou/Sitali/ouma Essie se gedagtes. √ | 1<br><br>1 |
| 9.6 | Hy vervoer Baas na die hospitaal op Ngweze. √<br>Hy kry nie vir Grace as vrou nie./ Hy word nie die nuwe hoofindoena nie./ Hy kry nie ’n aandeel in Baas se bootbesigheid nie. √ | 1<br><br>1 |
| 9.7 | Die leser voel positief oor mnr. Jos wanneer hy (later) die hoofindoena word./ Omdat die leser weet dat meneer Jos ’n Christen is, verwag die leser positiewe dinge van hom. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 9.8 | Hy gee sy/hulle oupagrootjie se Bybel vir Whitey. √<br>Hy sê vir Whitey wat sy van is./gee aan Whitey korrekte inligting oor sy regte van. √<br><br>Hy wil daarmee die familieband tussen hulle bevestig./bevestig dat hulle dieselfde oupagrootjie het./<br>Hy weet die Bybel sal Whitey oortuig van sy (Baas se) opregtheid./<br>Hy wil vir Whitey wys hy gee vir hom om./sy eie kennis oor sy oupagrootjie uitbrei deur inligting by Whitey te kry./help dat Whitey se kennis oor sy oupagrootjie uitbrei. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br>1<br><br>1 |
| 9.9 | Sy wil Baas dwing om by die gemeenskap betrokke te wees./<br>Sy weet moontlik wie die nuwe hoofindoena is./dat die nuwe hoofindoena (wat 'n Christen is en ander nie sal uitbuit nie) vir Baas positiewer omstandighede (bv. geen uitbuiting d.m.v. konsessies/korrupsie) sal meebring./<br>Sy wil verseker dat Baas goeie verhoudinge met die hoofindoena/khuta/gemeenskap het./die Lozi's se gebruike ken./<br>Sy aanvaar reeds dat hy die geestelike leier op Manaka is./wil hê dat hy self sy rol in die gemeenskap moet raaksien./moet besef dat hy met 'n doel op Manaka is. √ | 1 |
| 9.10 | 'n Mens kan selfs, wanneer jy dink dat jy jou geloof verloor het, dit weer terugkry./'n Mens verloor nie regtig jou geloof nie./<br>'n Geloof-/godsdiensstryd maak jou 'n sterker mens./<br>God roep elke mens vir 'n taak./doel./<br>Die drome wat mense droom, is drome wat God gee. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>Ja, hy lees ten aanskoue van almal/ander mense uit die Bybel, terwyl hy aanvanklik niks met godsdiens te make wou hê nie./<br>Hy gebruik sy ma se Bybel (omdat hy sy oupagrootjie se Bybel weggegee het) terwyl hy aanvanklik nie die Bybel wou saamneem Manaka toe nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat se antwoord moet die groei/verandering by Baas aandui, of dit suggereer.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord aanbied nie.* | 1<br><br>2 |
| 9.11 | Hy kap dit teen die stutpaal op Manaka/by die ingang van Manaka vas. √<br><br>Dit suggereer dat hy nie (van Manaka) weggaan nie./op Manaka gaan bly./<br>Dit suggereer dat hy sy plek op Manaka gaan volstaan./<br>Dit suggereer dat hy in sy oupagrootjie se voetspore gaan volg./sy oupagrootjie se tradisie sal voortsit. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 9.12 | Ouma Essie se lewensomstandighede is die gevolg van die khuta wat haar van Manaka af verwyder het./As gevolg van die khuta se gierigheid het hulle ouma Essie van Manaka af verwyder in die hoop dat hulle die plek verhuur kan kry. √<br><br>Dis moontlik, want hy heg waarde aan godsdiens./sendingwerk./loop ’n reguit pad./ sal nie deur geld/korrupsie verlei word nie./<br>Nee, dis onwaarskynlik, want ouma Essie is reeds sterwend. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| | | **[25]** |

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

**VRAAG 10: *VATMAAR* – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ŉ gepaste inleiding aan.

- **Tant Wonnie bly in Vatmaar net na die Anglo-Boereoorlog gedurende ŉ tyd wat gekenmerk word deur armoede/werkloosheid/swaarkry. Tant Wonnie kry gevolglik baie swaar en moet daagliks hard werk bloot om te kan oorleef.**/Bv. bl.111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel.*
- **Tant Wonnie leef teen die agtergrond van die Anglo-Boeroorlog; sy is alleenouer na Heinrich se dood in die oorlog.**/Bv. bl.111: *... wat Tant Wonnie se man geplant het die dag voor hy weg is oorlog toe ... /*Bl. 179: *Ja Mineer, ag, en Heinrich het gesê as hy terugkom van die oorlog af, sal ons met ŉ ring trou. Maar my Heinrich het nooit van die oorlog teruggekom nie.*
- **Vatmaar is ŉ nedersetting waar uitgewekenes wat nêrens elders welkom is nie, woon Tant Wonnie se Duister-Baster afkoms maak haar onaanvaarbaar in die wit gemeenskap./ In die Vatmaar – gemeenskap beleef sy eweneens baie jaloesie en haat.**/ Bv. bl. 125: *Een koue wintersoggend het Tant Wonnie wasgoed vir ŉ swart Bruinvrou gewas – die soort wat wit bruinmense haat./*Bl.112: *Uit jaloesie is daar slegte dinge oor Tant Wonnie gesê.*
- **Die Vatmaar-gemeenskap word deur vooroordeel gekenmerk – iets wat Tant Wonnie ook ervaar: die haat van swartmense (bv. Settie September) veroorsaak dat sy vals beskuldig word./gehaat word./ná die vals beskuldigings oor die sg. diefstal word sy (onskuldig) gebrandmerk deur Vatmaar se mense sodat sy van hulle vervreemd raak.** Bv. bl.125: *... dié soort wat wit bruinmense haat./Bl. 127: Sy's ŉ dief! Sy's ŉ dief! Tant Wonnie het haar kop gelig en na hulle gekyk want hulle het haar nie bang gemaak nie./* Bl.125: *Mev. September stamp haar weer in die modder en hou aan skree: Djy's ŉ dief, jou wit baster!/*Bl. 126:*Settie, het hulle gesê om haar te troos, om te dink ons het haar altyd gevetrou./*Bl. 229: *Djy wiet, ek sê gehelle sy is dangerous en sy het baie sterk toormedisyne.*



Hosted by www.ecexams.co.za.

- **Tant Wonnie, net soos die mense in Vatmaar, is arm/het min besittings/leef onder die broodlyn/moet baie hard werk om te kan oorleef. Tant Qonnie het op genade in 'n buitekamer gebly./op die grond geslaap./Die gevolg van hierdie armoede was dat Tant Wonnie op verskillende plekke en vir verskillende mense gewerk het in die hoop dat hulle haar iets sou gee om van te leef./**Bv. bl.111: *En soos dit gaan met mense wat regtig arm is, is die water en die meeste van die bulletjie se vleis met die mense gedeel./*Bl. 112: *Sonder om te dink wat môre sal bring, het hulle wakker gelê op hulle grondbed, sonder begeertes en sonder hoop, so gelukkig en tevrede ...*/Bl. 112: *Tant Wonnie was die wasvrou en veral mense met 'n donker velkleur het daarvan gehou dat sy vir hulle werk. Dit was die meeste van die tyd in ruil vir iets om te eet en Tant Wonnie het met trots gesê: Ons het nog nooit honger gaan slaap nie.*
- **In Vatmaar beleef Tant Wonnie rassisme, want sy is te donker om in 'n wit gemeenskap tuis te voel, maar vir die Vatmaar-gemeenskap is sy te lig: Settie September beskuldig haar vals omdat sy haar haat; sy moet geboei voor die perd uitloop toe sy polisiestasie toe geneem word.**/Bv. bl. 125: *Mev. September stamp haar weer in die modder en hou aan skree: Djy's 'n dief, jou wit baster!*
- **Tant Wonnie ervaar op Vatmaar ook magsmisbruik: Piet de Bruin probeer om haar te verkrag wat vir haar traumaties is./haar opnuut haar liefde vir Heinrich laat ontdek het.**/Bv. Bl. 134: *Daardie Saterdag het ek byna vir hom ingegee, het Tant Wonnie nou sit en dink. Maar danksy my geliefde Heinrich, wat vir my nog lewendag was al het hy nie meer geleef nie, kon ek my teensit.*
- **Die magsmisbruik wat daardie tyd kenmerk, bring vir Tant Wonnie baie leed wanneer haar dogtertjie Kaatjie sterf as gevolg van die baba/tronkstraf/gebrek aan mediese versorging./sy verloor haar kind as gevolg van Mevrou Bosman se verkeerde vermoede dat haar man verantwoordelik is vir Kaaitjie se swangerskap omdat dit uitloop op tronkstraf en haar (Kaatjie se) dood.** Bl. 268: *Toe haar kind die laaste swakke asem, uitblaas, het sy buite teen die ou doringboom gaan staan. Haar oë was oop, maar sy het niks gesien nie ...*
- **Tant Wonnie se lewe op Vatmaar na Heinrich se dood is gekenmerk deur armoede en swaarkry omdat sy nie wettig met hom getroud is nie en dus nie geregtig is op sy oorlogspensioen nie. Dit dompel haar in armoede./ veroorsaak dat sy daagliks baie hard moet werk om te kan oorleef.**/Bl. 201: *Toe ek die telegram kry dat jou pa dood is, is ek na die army se pay- office toe ... Ek het gesê ek is nooit met die ring getroud nie ... Sorry I can't help you.*
- **Vatmaar se mense het in daardie tyd nie respek teenoor ander se besittings getoon nie, die naam "Vatmaar" dui aan dat jy mag vat wat jy nodig het. Tant Wonnie is baie sleg benadeel deur hierdie gewoonte /milieu; met haar terugkeer na haar huis ná Sannah Vosloo se dood tref sy haar huis in totale chaos aan, want al haar besittings is deur Vatmaar se mense uit haar huis gevat.**/Bv. bl.136: *Al die maande wat hulle weg was, was daar niemand om agter hulle buitekamer te kyk nie. ... Alles wat binne was, was geplunder.*



Hosted by www.ecexams.co.za.

- **Die gebrek aan menseregte in die tyd toe Tant Wonnie in Vatmaar gewoon het, het haar sleg benadeel. Toe sy (vals) van diefstal beskuldig en geboei voor die perd uitgejaag word, is sy verneder wat daartoe gelei het dat sy haar onttrek aan God./ sê dat sy nie deel van húlle God wil wees nie./dat sy ’n nuwe insig in die liefde ontwikkel in die wete dat die liefde goed én sleg kan wees.**/Bv. bl. 130: *Ek wil nie deel wees van hulle se God nie.*
- **Die nydigheid/haat/vooroordeel wat Tant Wonnie se tyd in Vatmaar kenmerk, lei tot positiewe gevolge vir Tant Wonnie wanneer sy in Du Toitspan erkenning kry vir haar verbintenis met Heinrich: sy kry ná die vals beskuldiging haar maandelikse pensioen.**/Bl. 180: *Oh yes, and report to me within seven days if she has been granted a war widow’s pension.*
- **Die regspraak in Du Toitspan is aan Tant Wonnie se kant, want sy ontvang vergoeding vir haar vernedering nadat sy in Vatmaar in hegtenis geneem is om soos ’n misdadiger in die hof te staan wanneer die magistraat haar onskuldig bevind./die hof gelas dat daar vir haar ’n rok en skoene gekoop moet word./sy ook finansieel vergoed word vir haar onkoste en ongerief./** Bl. 180: *You are free to go, Mrs. Müller ... Tant Wonnie se innerlike wese het verby haar uiterlike omstandighede gestraal en by almal respek afgedwing.*/Bl. 180: *Toe draai die magistraat hom na die aanklaer: See that this woman receives a new pair of shoes and dress. Also transport her back to ...*/Bl. 180: *Oh yes, and report to me within seven days if she has been granted a war widow’s pension.*/Bl. 181: *Veels geluk, het hul geglimlag, Mevrou Müller – en sy hand vir haar uitgehou.*
- **Die reg en geregtigheid/vryspraak/erkenning van haar onskuld in Du Toitspan herstel Tant Wonnie se menswaardigheid in Vatmaar; die oorlogspensioen wat sy met behulp van die magistraat ontvang, maak haar vry: dit stel haar in staat om nie meer ander mense se wasgoed te doen nie./Susan is vry van die vernedering wanneer sy die Venters se bokke moes melk.**/Bl. 194: Die Venters se lui seuns kan van nou af hulle se eie melkwerk doen.

Die kandidaat bied ’n gepaste slot aan. **[25]**

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 11: *VATMAAR* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 11.1 | ŉ Gemengde huwelik was in daardie tyd besonder vreemd./ongewoon./ Dit was buitengewoon dat ŉ opgeleide Engelse soldaat na die Oorlog in Suid-Afrika agterbly om met ŉ doodgewone vreemdeling te trou. √ | | 1 |
| 11.2 | Vatmaar bied ŉ heenkome vir mense wat op ander plekke nie inpas nie./ In Vatmaar is alle mense welkom wat op ander plekke onwelkom is./ Vatmaarmense onderskei nie./oordeel nie. √<br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 11.3 | Hy word vir drie maande langer betaal as wat hy gewerk het. √<br>Hy kry werk as assistent van die "town surveyor"./ŉ witmenswerk. √<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 2 |
| 11.4 | 11.4.1 | Oupa Lewies praat met mr. Walker oor ŉ moontlike nedersetting wat hy toe op die raadsvergadering se agenda plaas./Omdat Oupa Lewies graag op so ŉ plek saam met Ruth wil bly, noem hy die saak aan mr. Walker/die *army captain* wat vir toestemming sorg. √ | 1 |
| | 11.4.2 | Oom Chai kry die plan om ŉ nedersetting buite Du Toitspan/naby die vlei te begin./Oom Chai vertel vir Oupa Lewies van sy plan om ŉ nedersetting naby die vlei te begin. √<br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 11.5 | Oom Chai laat sê die kinders op Saterdae die Onse Vader in Afrikaans op. √<br>Oom Chai speel ŉ beduidende rol in die gebruik van die kerk as ŉ Afrikaanse skool. √<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 2 |
| 11.6 | 11.6.1 | Sy besluit om met Bettie te trou. √ | 1 |
| | 11.6.2 | Hy ervaar innerlike konflik, omdat hy soos ŉ jongman met Bettie probeer dans, omdat hy nie wil aanvaar dat hy ŉ ou man is nie./terwyl sy ouderdom hom in die verleentheid stel./<br>Hy voel ernstig daaroor dat hy Bettie liefhet, terwyl Boitjie hom wrewelrig maak/hom met haat vul, omdat hy vir Chai ŉ bedreiging inhou./dit duidelik is dat Bettie in Boitjie belangstel./<br>Chai voel ontnugterd, omdat hy sy totale menswees by Bettie se doen en late aangepas het, maar besef dat hy ŉ totale gek van hom gemaak het./deur die gemeenskap uitgelag word./<br>Chai hou van stilte/stemmigheid/waardigheid, maar moet dit prysgee om die frustrasie van Bettie se musiek/ lawaai/uitspattigheid te verduur. √√<br>*Die kandidaat bied TWEE innerlike konflikte vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die konflik vir EEN punt aan.* | 2 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | | |
|---|---|---|---|
| 11.7 | 11.7.1 | Tant Wonnie deel haar kennis oor kruie met almal./<br>Water word met almal gedeel./<br>Tant Wonnie versorg ander mense se grafte in die begraafplaas./<br>Missus Wingrove laat toe dat Tant Wonnie haar huis vir dieselfde prys as wat dit verkoop is, terugkoop./ Tant Wonnie betaal die geld vir Settie September-hulle se rit Vatmaar toe. √√<br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke voorbeelde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | 11.7.2 | Nee.<br>Sy kla Tant Wonnie valslik van diefstal aan sodat Tant Wonnie gevange geneem word. √<br>Sy drink al Tant Wonnie se gemmerbier uit. √<br>Sy vertel dat Tant Wonnie 'n maloi/heks is./vertel leuens vir Sus Bet oor Tant Wonnie. √<br><br>*Die kandidaat bied DRIE soortgelyke redes vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat kan nie 'n JA-antwoord aanbied nie.* | 3 |
| 11.8 | 11.8.1 | Sy kry haar eerste pensioengeld. √ | 1 |
| | | | |
| | 11.8.2 | Sy het 'n huweliksertifikaat gekry./<br>Sy het vir Heinrich se oorlogspensioen gekwalifiseer./<br>Sy het klere./skoene./'n dag se uitgawes./kos ontvang./<br>Sy is met die beskikbare transport teruggeneem Vatmaar toe. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 11.9 | Tant Wonnie moet die twee doodskiste oppas totdat dit benodig word. √ | | 1 |
| 11.10 | 'n Mens verwag dat die lantern vir Suzan geluk/vreugde sal inhou; in werklikheid is dit dieselfde lantern wat die huis laat afbrand./wat veroorsaak dat alles wat Suzan besit, in die brand vernietig word. √<br><br>*Die kandidaat bied beide kante van die ironie vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 11.11 | 11.11.1 | Ma Khumalo neem vir Norman v/d Westhuizen (van 'n ander rassegroep) in haar huis as haar eie kind. √<br><br>Kenny kry Kaaitjie, wat nie sy ouers se goedkeuring sal wegdra nie, lief./<br>Kenny aanvaar vir Suzan, wat nie sy kind se ma is nie, as vrou./sy kind se nuwe ma. √ | 1<br><br>1 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 11.11.2 | Ja.<br>Suzan kry saam met haar ma baie swaar./ly honger en armoede, omdat haar pa in die oorlog dood is./haar ma en pa nooit wettig getroud is nie./moet Kaaitjie se kind grootmaak nadat dié onverwags sterf./verloor haar huis a.g.v. ŉ brand. √<br><br>Nee.<br>Harry Look bedank sy werk by die hotel toe Liza nie langer daar welkom is nie./koop sy eie winkel toe die deure by die hotel vir Liza toegaan./toe Liza sy kind verwag./kry nooit onregverdig swaar nie – hy bedank uit eie keuse./se winkel is baie suksesvol omdat hy regverdig is. √<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke motivering vir EEN punt aan.* | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| | | | **[25]** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B: ROMAN

### VRAAG 12: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DIE DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dit is ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat verskaf ŉ gepaste inleiding.

- Haar ouers bewys aan Iris dat jy in die huwelik vreedsaam verby mekaar kan leef, want haar ouers woon gemoedelik vir ŉ tyd afsonderlik./*Bv. bl. 82*: *"Trou?" het ek gevra. "Ek wil nie trou nie." My redes was moeilik verklaarbaar, selfs aan myself. Die onwilligheid was nie net vanweë my eie ouers se huwelik nie; ek het dit trouens goedgekeur dat Pa weg is om te doen wat hy altyd na verlang het. Hy en Ma was nie kwaaivriende nie; hy het gereeld huis toe gekom, al was dit net dat sy ŉ slag sy klere kon heelmaak.*
- **Die feit dat Iris se ouers in afsonderlike woonplekke binne hul huwelik funksioneer**, laat haar met die idee dat dit dalk ŉ oplossing vir konflik in die huwelik kan wees./ Bv. bl. 74: *"Ek gee nie om wat julle sê nie," het Pa beslis. "In Desember trek ek bosveld toe. Die wat wil bly, kan bly." Ma het gebly.*/Bl. 55: *... en Ma en Pa het in gemoedelike onbegrip saamgeleef.*
- **Iris besef dat liefde en omgee in ŉ verhouding verlange meebring,** wanneer haar ma plaas toe trek om haar eie alleenheid op te hef./Bv. bl. 213: *Ongeveer 'n jaar na ons getroud is, het Ma aangekondig dat haar dae leeg geword het en haar aande selfs erger.*
- **Haar ouers se gebrek aan kommunikasie in die huwelik** laat by Iris die persepsie dat gebrekkige kommunikasie binne verhoudings aanvaarbaar is./Bv. bl. 56: *Ma en Pa het in gemoedelike onbegrip saamgeleef.*
- **Haar ouers se gebrek aan kommunikasie in hul huwelik** laat Iris met die oortuiging dat sy nie gaan trou nie omdat sy bang is dat sy binne so ŉ verhouding vasgevang gaan raak./Bv. bl. 82: *"Ek het net geweet dat ek nie vasgevang wou word nie. Ek wou nie aan tafel sit, oorkant ŉ mens wat nie meer na my luister nie.*
- **Elsa en Hannes se saaklike, koue huwelik** laat Iris besef dat ŉ huwelik sonder warmte moontlik kan wees./Bv. bl. 82: *Dit was ook nie te wyte aan Elsa en Hannes se saaklike, geordende huwelik …*
- **Elsa se onromantiese onderklere/onromantiese en nugter siening van die huwelik** skok Iris se idee van ŉ romantiese huweliksnag./Bv. bl. 23: *Ek was geskok toe ek die trourok oor haar kop trek en op die bed neersit en sy voor my staan in die mees voorstedelike stel onderklere wat ek nog gesien het.*
- **Hannes se ontrouheid binne hul huwelik laat Iris besin oor die waarde van die huwelik,** omdat sy nie verwag het dat Hannes ontrou sou wees nie./Bv. Bl. 193: *"Kan jy dit glo?" het ek gefluister./"Maar Hannes!"*



Hosted by www.ecexams.co.za.

- **Elsa se nonchalante aanvaarding van Hannes se ontrouheid** veroorsaak dat Iris oor die waarde van die huwelik besin./Bv. bl. 193: *“Hy kul my,” het Elsa gesê. “Met ’n student van hom”.*
- **Die feit dat die romanse in Hannes en Elsa se huwelik afgekoel het na die geboorte van hul seuntjie**, het Iris laat besef dat die romantiek binne die huwelik naderhand afneem./Bv. bl. 68: *maar teen die tyd dat die kind twee jaar oud was, kon ek min romanse in die situasie sien.*
- **Elsa raak later in haar huwelik ’n beter en gemakliker ma en vrou** wat Iris bewus maak daarvan dat ’n huwelik later van tyd positiewe gevolge kan inhou./Bv. bl. 190: ... *het stralend op en af gedraf met bottels en nat wasgoed en gortwater.*
- **Elsa en Hannes se gemoedelikheid met mekaar later in hul huwelik** laat dit vir Iris lyk of ’n mens in die huwelik jou eie menswees kan verloor en so opgevang kan raak in die ander persoon./Bv. bl. 55: *Elsa en Hannes het mekaar “Mammie” en “Pappie” genoem ...*
- **As Kara weier om aan trou en kinders te dink**, laat dit Iris wonder oor kinders in die huwelik./Bv. bl. 28: *Ek is nie ’n broeikas nie. My lyf behoort aan my./Met die eerste oogopslag het swangerskap my nie getref as iets romanties nie, maar ek het darem geglo dat ’n mens niks durf verwerp totdat jy dit self probeer het nie.*
- **Kara se saambly en latere terloopse troue met Claude** is vir Iris ’n aanduiding dat die huwelik tog ’n opsie behoort te wees, want selfs Kara sien daarvoor kans./Bv. bl. 191: *“Ons is lankal getroud.”*
- **Die gemoedelikheid en liefdesgebare tussen Kara en Claude** wat Iris tydens haar kuier by Kara ervaar, maak die begeerte om ook in so ’n verhouding te wees by Iris wakker./ Bv. bl. 91: *... “’n gebaar so vol liefde dat ek vinnig weggekyk het, meteens hol van verlange na Peter en iemand van my eie om lief te hê.*

Die kandidaat verskaf ’n gepaste slot.



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 13: *DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Toe Elsa swanger was. √<br><br>Die fiktiewe Peter se rol was net om die hoofkarakter/Greta swanger te maak./Peter is in ’n motorongeluk dood √ | 1<br><br><br>1 |
| 13.2 | Sy aanvaar dat Peter ’n losbol is./baie meisies het./gewild is onder die meisies. √<br><br>Peter bly in Amerika getrou aan Iris./gaan in Amerika nie met ander meisies uit nie. √ | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.3 | Die feit dat haar naam ’n blomoomblik impliseer, maak die keuse tussen Peter en die modelkontrak moeilik. √<br><br>**EN**<br><br>Ja.<br>Sy dink sy is doodgewoon/nie buitengewoon nie/minderwaardig, want Iris se pa spot (dat sy pers van kleur was/flappende hande en voete by geboorte gehad het) oor haar naam./<br>Sy dink sy vervul 'n ondergeskikte rol omdat die woordeboek aandui dat haar naam "in diens van hoëre gode" beteken./<br>Eers nadat Iris minder obsessief oor haar naam is, verbeter haar selfbeeld./<br>Sy soek na haar identiteit. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1 |
| 13.4 | (Na ’n vakansiehuis in) Vermont/Kanada. √<br><br>**EN**<br><br>Die gesin wat saam met hulle in die huis bly, is gedurig in konflik met mekaar./<br>Die kinders en die pa se meisie kom nie klaar nie./<br>Bettie verval in selfbejammering a.g.v. te veel alkohol./<br>Bettie lig heeltyd die negatiewe uit oor haar verhouding met Brian. √ | 1<br><br><br><br>1 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 13.5 | Dit maak die roman geloofwaardig deurdat Iris as ŉ mens met fantasieë uitgebeeld word.<br>Iris word as ŉ geloofwaardige/eerlike karakter uitgebeeld./<br>Dit berei die leser voor op die groeiproses in Iris tot by die punt dat sy nie meer fiktiewe karakters nodig het om haar lewe op te kikker nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE funksies vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Nee.<br>Vir Iris is die Engel ŉ werklikheid./iemand met wie sy gesprekke voer./vir wie sy opdragte gee./vrae vra./<br>Sy ontstel haar soms oor die Engel se optrede/gebrek aan optrede wat aandui dat hy nie 'n fiktiewe karakter is nie./<br>Haar storieboekkarakters word maklik in-/uitgeskryf, terwyl die Engel selfs aan haar ouma bekend was./nêrens uitgeskryf/ingeskryf word nie./<br>Iris erken self dat fiksie en werklikheid vir haar oorvleuel – die Engel is dus vir haar werklikheid./<br><br>**OF**<br><br>Ja.<br>Iris besef later dat die Engel net fiksie is, want hy word deursigtig wanneer hy (deur die pietersielieplant) op die vensterbank beweeg./<br>Die Engel merk teenoor Iris op dat sy hom in aardse terme wil ontleed. √√<br><br>*Die kandidaat bied ŉ soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 3<br><br><br><br>3 |
| 13.6 | Iris is ŉ dromer/naïef/leef met haar kop in die wolke, terwyl Greta ŉ praktiese/realistiese karakter is./<br>Iris vlug van haar probleme af deur haar fantasieë, terwyl Greta self haar werklike probleme hanteer./oplos./<br>Iris is afhanklik van mense om haar/nie in staat om selfstandig te funksioneer nie, terwyl Greta onafhanklik is./weier om hulp van ander mense te aanvaar./<br>Iris is inskiklik/laat toe dat ander mense haar voorsê/manipuleer, terwyl Greta ŉ sterker persoonlikheid het./vir Peter as klankbord/trooster optree. √√√<br><br>*Die kandidaat bied DRIE kontrasterende karaktereienskappe vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei dele van die kontras vir EEN punt aan.* | 3 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 13.7 | Iris was seker dat sy nooit wil trou nie/nie in 'n huwelik vasgevang wil wees nie, terwyl sy hier met Peter trou. √<br><br>*Die kandidaat bied albei dele van die vooropgestelde idee vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.8 | Sy het Elsa se onromantiese klere tydens haar troue gekritiseer, maar by haar eie troue laat sy vir haar 'n trourok van (haar skoonma) se ou kantgordyne maak./dra sy 'n onromantiese trui bo-oor haar trourok. √ | 1 |
| 13.9 | In die slot is die Engel ook op die agtergrond./In die slot sweef die Engel in die ondertuin./eenkant van Iris en Johanna./<br>Iris het nie meer die raad van die Engel nodig nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.10 | Voor die troue:<br>Die Engel beskerm haar nie van die konflik wat ontstaan het tussen haar en Peter as gevolg van Joe Pryor se modelkontrak nie./<br>Die Engel beskerm nie vir Iris teen die vuurhoutjiedosieman se slenter dat sy die rekening moes betaal nie./<br>Die Engel het nie gekeer dat Bettie "gif" drink nie./<br>Die Engel beskerm nie vir Iris toe sy haar enkel breek nie./<br>Die Engel faal vir Iris deur nie te voorkom dat haar enkel skeef aangroei nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE insidente vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Na die troue:<br>Die Engel beskerm nie vir Peter, haar man, toe sy oë in die sweisongeluk beseer word nie.<br>Die Engel erken dat hy nie vir haar/haar familie gaan beskerm teen hulle eie keuses nie, bv. die stoof afskakel/haar vang as sy van die dak gaan afspring nie.<br>Iris blameer die Engel dat hy nie haar familielede (Hannes) teen versoekings beskerm nie. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE insidente vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.11 | Hy gee haar raad om nie die man/haar skoonpa te treiter nie./as hy sê dat dit nie saak maak wat haar skoonpa dink nie. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 13.12 | Iris benodig fantasiekarakters om haar gelukkig te maak./op te kikker./om te ontsnap van die werklikheid. √<br>Ja.<br>Iris se werklikheid is mooier as die verbeelde werklikheid/lewe saam met Peter bevredig al haar behoeftes/wil nie meer van die werklikheid ontsnap nie wat Greta oorbodig maak. √<br><br>**EN**<br><br>Vir Iris was die Engel nooit 'n fantasiekarakter nie./was hy van jongs af deel van haar lewe./gesin./Sy het die Engel van haar ouma geërf./<br>Hy het nie haar tyd in beslag geneem nie. √<br><br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br><br><br><br>1<br><br><br><br><br>1 |
| | | **[25]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **25** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

***KRISMIS VAN MAP JACOBS*** **– Adam Small**

### VRAAG 14: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – OPSTELVRAAG

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ŉ breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

Die kandidaat bied ‘n toepaslike inleiding aan.

- **Ons ontmoet Antie Grootmeisie as ŉ gebroke vrou**, want haar seun was verantwoordelik vir die dood van sy vriend en indirek ook haar dogter. Hy het haar in hierdie neerdrukkende omstandighede waarin sy haar bevind, deur sy optrede, gedwing.
- **Antie Grootmeisie probeer in die tronk moedig na Apostel George luister**, maar vind dit moeilik om te kommunikeer en te sê dat sy Map vergewe.
- **Dit is duidelik dat sy lief is vir Map**, want sy besoek hom in die tronk en versaak hom nie, al het hy haar teleurgestel.
- **Sy kan hom egter nie vergewe vir wat hy gedoen het nie**, want die seer is nog te rou. Antie Grootmeisie se verlies is groter as haar vermoë om Map nou reeds te vergewe.
- **Antie Grootmeisie luister aandagtig na Map se skuldbelydenis in die tronk**, maar totale verandering het nog nie in haar karakter plaasgevind nie. Innerlike konflik staan in haar pad tot heelwording.
- **Aan die einde van die roman val Map in boetedoening voor haar neer** en ons sien dat sy Map eindelik vergewe. Groei het dus plaasgevind en vergifnis het ingetree.
- **Toe Antie Grootmeisie aan die einde van die drama weer praat**, was dit ŉ duidelike bewys dat sy kon groei om vergifnis in haar hart vir haar seun te vind.
- **Antie Grootmeisie is ook eindelik vry** van die hartseer verlede toe sy dit regkry om te kommunikeer en sy vir Map Johnnie noem.
- **Cavernelis werk hard en skeep sy vrou af**, maar hy glo dis vir ŉ groter plan – om uit die township te kom.
- **Hy laat toe dat sy dogter, Blanchie, by die Lonely Hearts werk**, wat op ŉ swak karakter dui. Hy sal tot uiterstes gaan in sy pogings om ŉ beter lewe te verseker.
- **Cavernelis se obsessie om uit die township te kom, vervreem hom van ander mense** en daarom is persoonlike groei nie baie moontlik nie. Hy bly ŉ buitestaander met wie die leeglêers skoorsoek.
- **Hy is ŉ alleenstaander wat nie in die gemeenskap inpas nie** en sosiale groei vind nie plaas nie. Sy beroep en besluite vervreem hom van die mense van die Kaapse Vlakte.



Hosted by www.ecexams.co.za.

- **Toe hy eindelik besef dat hy sy vrou en dogter seergemaak het**, was dit vir hom 'n ontnugterende ervaring, want hy het kontak met die werklikheid verloor.
- **In plaas van positiewe verandering, pleeg hy selfmoord** toe hy besef dat sy kans op uitkoms min is. Cavernelis gee dus moed op en kies 'n ander uitweg toe hy besef sy drome gaan nie waar word nie.
- **Dis hartseer dat Cavernelis se karakter nie positief gegroei het nie**, want sy bedoeling om sy gesin uit die township te kry, was goed en positief.
- **Cavernelis mag gedink het dat hy ontsnap van sy omstandighede**, maar hy is nooit vry van die ellende van die Kaapse Vlakte nie. Hy is nou vir altyd 'n gevangene van hierdie haglike omstandighede.
- **Cavernelis word eerder as 'n tragiese figuur gesien** wat nou sy familie met meer emosionele letsels en probleme agterlaat, want sy selfmoord hou verreikende gevolge vir sy gesin in.
- **Cyril en Richie aanvaar hul omstandighede amper gelate** en toon geen behoefte aan persoonlike groei nie.
- **Hulle is tevrede om maar net kerrim te speel en die gemeenskap te bespreek** eerder as om hulself op te hef.
- **Toe La Guma vir hulle sê dat hulle hulle moet skaam dat hul so leeglê**, het hul hom gevloek en gedink hy is beter as hulle.
- **Aan die einde van die verhaal is hulle eintlik presies dieselfde** en raak dus verteenwoordigend van die massa wat daagliks geen poging aanwend om hul uit hul omstandighede te lig nie.

Die kandidaat bied 'n toepaslike slot aan.

**[25]**



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 15: *KRISMIS VAN MAP JACOBS* – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 15.1 | Moord / hy het Ivan Philander vermoor. √<br><br>Hy het agtergekom dat Ivan Philander besig is om sy suster te verwurg toe sy skree. √ | 1<br><br>1 |
| 15.2 | TEKS I:<br>Antie Grootmeisie lei aan skok/is getraumatiseerd nadat sy en haar dogter verkrag en Kleinmeisie vermoor is en daarom praat sy nie meer nie. √<br><br>ONTKNOPING:<br>Sy praat vir die eerste keer weer aan die einde van die drama wat vir ons wys dat sy Map vergewe het. √ | 1<br><br>1 |
| 15.3 | Sy knik vir Map wanneer hy sê dat hy "orait" is./<br>Sy knik vir Map om aan te dui dat dit met haar goed gaan./<br>Sy kyk ontsteld na Map wanneer hy vertel van Blanchie wat skelm by hom gekuier het, maar nie meer doen nie./<br>Sy kyk vraend na Map wanneer hy van Miss Africa praat/<br>Sy kyk lewendig na Map / word opgewonde wanneer hy van sy parool/vrylating praat./<br>Sy skud haar kop hewig vir Map om te kenne te gee dat sy weet dat hy verander het. √√√√<br><br>*Kandidaat bied enige* VIER *antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 15.4 | Antie Grootmeisie se stilswye vererger Map se skuldgevoel oor die aand van Kleinmeisie se moord / Antie Grootmeisie en Kleinmeisie se verkragting dra daartoe by dat hy ŉ beter mens wil word en tot bekering kom. √ | 1 |
| 15.5 | Ja/dis korrek, want<br>Map verwys na die bendeleier en krimineel terwyl Johnnie na die onskuldige skoolseun verwys. √<br><br>Blanchie word eers geskets as die onskuldige skooldogter wat op Map verlief is, maar dan leer ons van haar werk as prostituut. √<br><br>Cavernelis word gesien as ŉ man wat net die beste vir sy gesin wil hê/ alles sal doen om sy gesin uit die Kaapse Vlaktes te kry, maar dan verwag hy dat sy dogter haar lyf moet verkoop vir geld/ is hy ŉ lafaard wat selfmoord pleeg. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 15.6 | Haar skuldgevoelens oor haar werk as prostituut het gemaak dat sy nie meer vir Map wou sien nie. √ | 1 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 15.7 | Krismis: dui op die geboorte van Jesus / 'n tyd van hoop / 'n tyd waar mense geskenke gee/ontvang.<br><br>Map Jacobs is Johnnie se bendeleier naam omdat sy tatoeëermerke op sy lyf 'n kaart is van wat hy als gedoen het.<br>Map word vrygelaat tydens Kerstyd en hy is nou 'n veranderde man (nuutgebore)./<br>Map word vrygelaat tydens Kerstyd en sy vryheid kan as 'n geskenk gesien word. √√<br><br>*Kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br><br><br><br><br><br>2 |
| 15.8 | Map sukkel om werk te kry weens sy kriminele rekord./tatoeëermerke./<br>Almal wat vreeslik simpatiek teenoor Map is vandat hy uit die tronk is. √ | 1 |
| 15.9 | The Star of Redemption. √<br><br>'n Mens sou verwag dat as jou orkes se naam verlossing/om gered te word van sonde beteken jy iemand sal vergewe/'n tweede kans gee, maar die orkes maak allerhande verskonings om nie weer met Map te werk nie / hou sy reputasie teen hom. √ | 1<br><br><br><br><br>1 |
| 15.10 | Neweteks / toneelaanwysings √<br><br>Dit beklemtoon dat Map steeds soos 'n gevangene voel omdat daar 'n skeiding tussen hom en die gemeenskap is./<br>Dit beklemtoon Map se gevoel van ingeperktheid, omdat hy voel die mense op straat/gemeenskap hom steeds veroordeel deur baie simpatiek op te tree. √ | 1<br><br><br><br><br><br>1 |
| 15.11 | Ja, want Blanchie is die liefde van Map se lewe en hy het al erger dinge as sy gedoen. √<br><br>**OF**<br><br>Nee, ek sou nie Blanchie kon vergewe het nadat sy haar morele waardes prysgegee het om as 'n prostituut te werk nie. √<br><br>*Kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | <br><br><br><br><br>1 |
| 15.12 | In TEKS I is Map opgewonde, maar in teks J is hy teleurgesteld / kwaad/ terneergedruk / frustrasie. √<br><br>In TEKS I dra die tronk by tot Map se opgewondenheid omdat hy binnekort nie meer daar sal wees nie. √<br><br>In teks J dra die Kaapse Vlaktes by tot Map se frustrasie omdat hy steeds soos 'n gevangene voel. / deur die gemeenskap verstoot voel. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| | | **[25]** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

***MIS* – Reza de Wet**

**VRAAG 16: *MIS* – Reza de Wet – OPSTELVRAAG**

Hierdie vraag word aan die hand van die aangehegte RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dis ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

| **ARGUMENT** | **MOTIVERING: VERDUIDELIKING OF AANHALING OF PARAFRASE** | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied ’n toepaslike inleiding aan. | | |
| **MEISIE SE KARAKTERONTWIKKELING** | | |
| **Ons leer Meisie ken as ’n stil, hardwerkende dogter.** | Omdat sy haar Ma help om geld te verdien vir die gesin se oorlewing. | *Bv. Sy help haar ma om goiingsakke toe werk vir die mis wat hulle verkoop.* |
| **Sy is onderdanig aan Miem.** | want sy doen alles om haar tevrede te stel. | *Bv. As Miem sê dat sy nie na die sirkusmusiek mag luister nie gehoorsaam sy dadelik.* |
| **Sy word opgepiep deur Miem / is naïef.** | Want Miem glo dat sy haar kind beskerm, maar deel nie al die nodige inligting oor die verdwynings met Meisie nie. | *Bv. Miem bespreek die moordenaar/verkragter met Gertie wanneer Meisie nie by is om die inligting te hoor nie.* |
| **Meisie word maklik deur Miem gemanipuleer.** | want sy glo dat as sy ongehoorsaam is sy haar ma se gesondheid beïnvloed. | *Bv. Nadat sy skelm na die sirkus gaan kyk het, vertel sy dat Miem so siek geword het dat sy vir ‘n week net gortsop kon eet.* |
| **Meisie is ongelukkig oor haar omstandighede.** | Want sy is eensaam / het geen jongmeisielewe nie. | *Bv. Niemand wil by haar kom kuier nie weens die stank van die mis./die vlieë wat op die tertjies sit en in die melk val.* |
| **Meisie smag na vryheid.** | Want haar lewe is sonder avontuur – haar ma onderdruk haar, sy werk hard en leef in die stank van die mishope. | *Bv. Sy besluit een aand om skelm na die sirkus te gaan kyk.* |
| **Konstabel gee aan Meisie identiteit.** | Want hy stel belang in haar lewe en hanteer haar soos ’n gelyke. | *Bv. Hy noem haar “juffrou” i.p.v. Meisie.* |
| **Meisie se selfvertroue groei met konstabel se teenwoordigheid.** | Want hy laat haar belangrik voel en laat haar toe om oor dinge te praat wat Miem nooit doen nie. | *Bv. Hy sê sy is aantreklik en moedig haar aan om oor die sirkus te praat.* |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| **Meisie maak planne saam met Konstabel om weg te loop.** | Want sy weet Miem sal haar nooit toelaat om te gaan nie. | *Bv. Wanneer Miesie en Konstabel die slopemmer gaan uitgooi, het hul die geleentheid om hul planne te beraam.* |
| **HAAR UITEINDELIKE LOT** | | |
| **Meisie gehoorsaam die Konstabel se versoek.** | Omdat sy so ŉ groot behoefte het om vry te wees. | *Bv. Sy ontmoet Konstabel om middernag kaalvoet en in haar wit aannemingsrok.* |
| **Meisie word gehipnotiseer deur / gee haarself oor aan die sirkusmusiek.** | Omdat die sirkus vir haar nog altyd ŉ simbool van vryheid was. | *Bv. Sy dans by die deur uit saam met Konstabel op die maat van die musiek.* |
| **Meisie het dus ŉ hand in haar eie verdwyning.** | Omdat sy gevlei was deur Konstabel en desperaat was om te ontsnap. | *Bv. Sy het nes Rienie Pieterse en Sannie Koen op die laaste aand in Augustus verdwyn.* |
| | | |
| Die kandidaat bied ŉ gepaste slot aan. | | |
| | | |
| | | **[25]** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 17: *MIS* – Reza de Wet – KONTEKSTUELE VRAAG

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 17.1 | 31 Augustus 1936 √ | 1 |
| 17.2 | Menslike ontlasting (Gabriël se ontlasting wat met die slopemmer van die solder af laat sak word en deur Meisie skoongemaak moet word.)/<br>Mistigheid (iets wat verhoed dat jy ordentlik kan sien. Dit is simbolies vir Miem en Gertie wat nie die werklikheid (Konstabel se skelmstreke) kan sien nie.)/<br>Die uitdrukking: Jy het dit mis (misverstaan), bv. Miem en Gertie het dit mis as hulle dink hulle kan regtig die 'boosheid' waarvoor hulle so bang is, besweer deur deure en vensters te grendel./<br>Die idee van die ver-mis-te meisies./<br>Verlange (Miem mis haar man, wat sedert die Groot Depressie hom van die samelewing onttrek het.)<br>Nagmaal (Rooms-Katolieke Mis) – as ons na Meisie se voorstellingsrok kyk, kom die betekenis daarvan na vore. Na haar voorstelling word sy in die kerk as volwassene aanvaar en kan sy die Nagmaal begin gebruik – sy is dus in die oë van die kerk 'n volwasse. Konstabel dien ook as 'n tipe biegvader vir die vrouens as hulle hul gemoedere vir hom oopmaak, wat by die idee van die Roomse Mis aansluit. √√√√<br><br>*Kandidaat bied enige VIER antwoorde vir een punt elk aan.* | 4 |
| | | |
| 17.3 | Hy noem haar "juffrou" i.p.v. meisie (wat aan haar identiteit/eiewaarde gee.) √<br>Hy sê dat sy aantreklik is. √<br>Hy luister belangstellend na haar. √ | 3 |
| | | |
| 17.4 | Die roos word geplant in die vuil grond, maar word uiteindelik 'n pragtige roos met 'n heerlike geur. √<br><br>Net so is meisie in haglike omstandighede (mis / dominerende ma) vasgevang, maar word uiteindelik hierdie pragtige jong dame wat vir haarself besluite kan neem. √ | 1<br><br>1 |
| 17.5 | Ja, **Gertie** dink dat Konstabel vir haar 'n moontlike lewensmaat/pasmaat kan wees. √<br>**Miem** hoop dat Konstabel hulle sal beskerm. / dat hy met Meisie sal trou sodat Gabriël van die solder af sal kom. √<br>**Meisie** sien Konstabel as haar bevryder. √ | 1<br>1<br>1 |
| | | |
| 17.6 | Neweteks/toneelaanwysings. √<br><br>Meisie probeer die gaatjie in die sirkustent voor te stel waardeur sy geloer het. √ | 1<br><br>1 |
| 17.7 | Polisindeton √ | 1 |



Hosted by www.ecexams.co.za.

| | | |
|---|---|---|
| 17.8 | Ja, Meisie gaan, nes die voëltjies in die kou, haar beklemmende bestaan ontsnap met konstabel se hulp. √<br><br>*Kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 17.9 | **Woorde**: "Toe voel ek 'n hand op my skouer." √<br><br>**Handeling**: Laat haar arms stadig sak. √ | 1<br><br>1 |
| 17.10 | Sy laat Meisie nie toe om na die sirkus se liggies te kyk nie, want "om te dink is om te doen"/<br>Wanneer Meisie teen Miem se wense optree word Miem so "siek" dat sy net gortsop kan eet. √<br><br>Miem glo dat sy vir Meisie beskerm. √ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 17.11 | Die sirkus is vir Meisie 'n manier om van haar aardige bestaan te ontvlug. √<br><br>Miem sien die sirkus as 'n euwel. √ | 1<br><br>1 |
| 17.12 | Die twee monoloë is haar eerste tree tot vryheid: wanneer sy vir Konstabel van haar lewe met die mis vertel besef sy haar ongeluk / dat sy vasgevang is, maar wanneer sy hom van die sirkus vertel ervaar 'n oomblik van geluk / vryheid wat bydra tot haar keuse om saam met Konstabel weg te loop. √ | 1 |
| | | **[25]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **25** |
| | **GROOTOTAAL:** | **80** |



Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: POËSIE [10 PUNTE]

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **5–6** | **4** | **3** | **2** | **0–1** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**6 PUNTE** | - Diepgaande interpretasie van onderwerp.<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die gedig gerugsteun is.<br>- Uitstekende begrip van die genre en gedig. | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer.<br>- Respons redelik gedetailleerd.<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie.<br>- Begrip van genre en gedig duidelik. | - Redelike interpretasie van die onderwerp.<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp.<br>- Enkele argument word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie.<br>- Basiese begrip van genre en gedig. | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp.<br>- Byna geen punte wat die onderwerp ondersteun nie.<br>- Onvoldoende begrip van genre en gedig. | - Geen begrip van die onderwerp nie.<br>- Geen verwysing na die gedig nie.<br>- Leerder het nie die genre en gedig onder die knie nie. |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **4** | **3** | **2** | **1** | **0–1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**4 PUNTE** | - Samehangende struktuur.<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling.<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek.<br>- Grammatika, spelling en punktuasie feitlik foutvry. | - Duidelike struktuur en logiese vloei van argument.<br>- Vloei van argument kan gevolg word.<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek. | - Enkele bewyse van struktuur.<br>- 'n Goed gestruktureerde logiese vloei en samehang ontbreek in die opstel.<br>- Geringe taalfoute; toon en styl meestal gepas. | - Struktuur toon tekens van swak beplanning.<br>- Argumente nie logies gerangskik nie.<br>- Taalfoute beduidend.<br>- Toon en styl nie geskik nie. | - Struktuur swak.<br>- Ernstige taalfoute. Foutiewe styl. |



Hosted by www.ecexams.co.za.

**AFDELING B EN C: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL: ROMAN EN DRAMA [25 PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD** | **12–15** | **9–11** | **6–8** | **4–** | **0–3** |
| **Interpretasie van onderwerp**<br>**Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks**<br><br>**15 PUNTE** | - Uitsonderlike respons: 14–15 Uitstekende respons: 12–13<br>- Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>- Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman / drama gerugsteun is<br>- Uitstekende begrip van die genre en teks | - Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>- Respons redelik gedetailleerd<br>- Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>- Begrip van genre en teks duidelik | - Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>- Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>- Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>- Basiese begrip van genre en teks | - Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>- Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>- Baie min relevante argumente<br>- Weinig begrip van genre en teks | - Geen begrip van die onderwerp nie<br>- Swak poging om die vraag te beantwoord<br>- Argumente oortuig nie<br>- Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| **STRUKTUUR EN TAAL** | **8–10** | **6–7** | **4–5** | **2–3** | **0–1** |
| **Struktuur, logiese vloei en aanbieding**<br>**Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel**<br><br>**10 PUNTE** | - Samehangende struktuur<br>- Uitstekende inleiding en slot<br>- Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>- Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | - Duidelike struktuur<br>- Logiese vloei van argument<br>- Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>- Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | - Enkele bewyse van struktuur<br>- Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>- Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>- Paragrafering meestal korrek | - Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>- Argumente nie logies gerangskik nie<br>- Taalfoute beduidend<br>- Toon en styl nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief | - Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>- Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>- Styl en toon nie geskik nie<br>- Paragrafering foutief |
| **VERSPREIDING VAN PUNTE** | **20–25** | **15–19** | **10–14** | **5–9** | **0–4** |

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.